

23. Media / Publikasies

23.1 RAPPORT DEPUTATE PUBLIKASIES – CJBF (Art 92, 257)

- A. Dr GJ Meijer lewer die rapport.
- B. **Besluit:** Die rapport word verwys na Kommissie Media en Publikasies. Die volgende Kommissielede word goedgekeur: Di DJ Bakker (voorsitter), RP Buys (skriba), oudle PJ Steyn, DJ Coetsee, LM Mothlogedi en EA Petzer.
- C. Ds RP Buys rapporteer namens Kommissie Media en Publikasies.

D. RAPPORT

1. Opdrag

Vgl Acta 2009:787-799.

Besluit: Kennis geneem.

2. Calvyn-Jubileumboekefonds (CJBF)

2.1 *Opdrag* – vgl Acta 2009:787-793, 796-799; vgl verder die Reglement van die CJBF (Acta 1982:226-227 asook Acta 2006:756-760).

2.1.1 Die opdrag sluit in dat toekomstige publikasies binne die raamwerk van die doelstellings van die CJBF oorweeg, gekeur en uitgegee word.

2.1.2 Die redaksie, uitgee, druk en prysvasstelling van die 2000- en 2003-Psalmboeke se hersiene uitgawe vorm deel van die opdrag van hierdie Deputate.

2.1.3 Die beheer van boekevoorrade van die CJBF asook die beheer oor die CJBF-, Totius- en Evangeliseringsmediafondse berus by hierdie Deputate; die administrasie daarvan word namens die Deputate deur die Admin Buro behartig.

2.2 *Voorrade: CJBF* - Vgl Aanvullende Rapport.

2.3 *Individuele projekte van die CJBF in die termyn 2009-2012*

2.3.1 Psalmbboek

2.3.1.1 2009-Psalmbboek (6de Hersiene Uitgawe)

2.3.1.1.1 Gedurende die tweede kwartaal van 2009 is die Sesde Hersiene Uitgawe van die 1976-Psalmbboek uitgegee (hierna: die 2009-Psalmbboek).

2.3.1.1.2 Sedert die eerste druk van die 2009-Psalmbboek was dit noodsaaklik om 'n volgende druk te publiseer. 'n Tweede druk van die 2009-Psalmbboek is met die regstelling van enkele drukfoute onveranderd uitgegee.

2.3.1.1.3 Oor die beskikbare voorraad van die 2009-Psalmbboek sal afsonderlik gerapporteer word (vgl die Aanvullende Rapport)

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3.1.1.3 kennis geneem.

2.3.1.2 2010-Psalmbboek (Eerste Hersiene Uitgawe van die 2003-Psalmbboek)

2.3.1.2.1 Vanweë 'n tekort aan voorraad van die 2003-Psalmbboek is daar voortgegaan met die herdruk van dié boek. Die Eerste Hersiene Uitgawe van die 2003-Psalmbboek, oftewel die 2010-Psalmbboek, is einde 2010 gedruk en vroeg 2011 versprei. In die voorbereidingsproses vir die heruitgee van die 2003-Psalmbboek het geblyk dat daar heelwat redaksionele werk gedoen moes word. Die redaksionele werk is met die volgende in gedagte gedoen:

Besluit: Kennis geneem.

2.3.1.2.1.1 Die meester vir die 2009-Psalmbboek is ook as meester vir die gemeenskaplike dele van die 2010-Psalmbboek gebruik (kyk Acta 2009:788, 2.3.1.2.2).

Besluit: Goedgekeur dat daar vir toekomstige uitgawes van alle Psalmboeke teruggekeer word na die 2000 meester vir die gemeenskaplike dele (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

2.3.1.2.1.2 Die meester vir die 2001-omdigtings in die 2003-Psalmbboek, soos wat dit in die *Liedboek van die Kerk* vervat is, is as meester vir die dele van die 2010-Psalmbboek gebruik wat nie in die 2009-Psalmbboek voorkom nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.1.2.1.3 Na oorlegpleging met mnr Colin Campbell, wat die set van die musieknotasie asook die woorde van die Psalms en Skrifberymings behartig, is tot die slotsom gekom dat dit ekonomies die mees haalbare en volhoubare proses is om die meester van die 2009-Psalmbboek voorin die Psalmbboek te druk en die ontbrekende dele direk daarna te laat volg.

Besluit: Terugverwys na tersaaklike Deputaatgroepe.

2.3.1.2.1.4 Die konsekwensie hiervan is dat daar aan die nommering van die Psalms aandag gegee moes word. Daar is besluit om, ooreenkomstig die nommeringstelsel van die Skrifberymings wat sedert 2003 in gebruik gestel is, die nommeringstelsel te wysig na (by wyse van voorbeeld): 23-1 (Totius), 23-2 (Gerdener), 23-3 (Cloete), 23-4 (Spies).

Besluit: Goedgekeur.

2.3.1.2.1.5 Die nuwe Skrifberymings wat deur Sinode 2009 goedgekeur is, is deur die Deputate Liturgiese Sake van nommers voorsien en gerubriseer, waarna dit in die 2010-Psalmbboek opgeneem is.

Besluit: Goedgekeur om te dien as meester vir die 2003 (groen) Psalmbboek.

2.3.1.2.2 Met betrekking tot die nommering van Skrifberymings in die 2010-Psalmbboek moet die te benoeme Deputate daarop let dat daar in toekomstige drukke van die Psalmbboek ooreenkomstig staande Sinodebesluite (Acta 2009:694, art 2.1.2) gehandel word.

Besluit: Kennis geneem. Verwys na Deputate Liturgiese Sake vir uitvoering.

2.3.1.3 Kruisverwysings – Skrifberymings

'n Gelamineerde boekmerkie is saamgestel waarop 'n indeks verskyn met kruisverwysings na beide stelle Skrifberyming-nommers (2009-Psalmbboek en 2003-Psalmbboek) in beide rigtings. Die boekmerkie is die grootte van 'n Psalmbboek om mooi daarin te pas. Dit word saam met alle nuwe Psalmboeke wat verkoop word, beskikbaar gestel, maar is ook afsonderlik by die Administratiewe Buro beskikbaar. Langs hierdie weg kan die verwarring tussen die twee stelle nommers van Skrifberymings wat tans in gebruik is so sinvol as moontlik aangespreek word.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.1.4 Koraalboek Addendum

Oor die Addendum tot die Koraalboek sal in die Aanvullende Rapport verslag gelewer word.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.1.5 Omlýning van opdragte

Omdat die werksaamhede van die Deputate Publikasies (CJBF) en die Deputate Liturgiese Sake – veral wat die samestelling en uitgee van Psalmboeke betref – bymekaar aansluit, word die Sinode versoek dat opdragte aan onderskeie Deputate noukeurig uitgestippel word, sodat daar geen oorvleueling van take en moontlike verwarring ontstaan nie.

Besluit: Goedgekeur. Deputate CJBF word verwys na Acta 2006:756-761. Deputate Liturgiese Sake word verwys na opdragte aan hulle opgedra deur Acta 2009:713.

2.3.2 Institusie van Calvyn in Afrikaans

2.3.2.1 Afrikaanse vertaling (deur wyle prof HW Simpson) van Calvyn se 1559-*Institusie* In die Aanvullende Rapport word hieroor gerapporteer.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.2.2 Heruitgawe van die Afrikaanse verkorte weergawe van Calvyn se *Institusie* (Duvenage/LJ du Plessis-uitgawe)

Hierdie CJBF-projek is tydens die internasionale Cavynfeesjaar afgehandel toe die uitgawe, wat ten opsigte van die Afrikaanse teks taalkundig oorgewerk is, in 2009 verskyn het. Dit is tydens die 500-jarige herdenking van Calvyn se geboortedag op

10 Julie 2009 by UNISA feestelik bekendgestel en aan 'n vorige Suid-Afrikaanse verteenwoordiger by die Internasionale Calvynnavorsingskongres oorhandig. Die oplaë word op aanvraag gedruk en by die Administratiewe Buro te koop aangebied.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.3 Johannes Calvyn – 'n Historiese roman (Jansie van der Walt)

Ná die publikasie van *The Dawn of a New Light – Life Story of John Calvin* deur Jansie van der Walt in 2008 is die oorspronklike Afrikaanse weergawe van die boek, *Johannes Calvyn – 'n Historiese roman* (vroeër onder die titel: *Johannes Calvyn – 'n Jeugroman*) in 2009 geherpubliseer. 'n Eerste eksemplaar van hierdie uitgawe is in die teenwoordigheid van die skryfster ook tydens die 500-jarige herdenking van Calvyn se geboortedag op 10 Julie 2009 by UNISA feestelik bekendgestel en aan prof DF du Plessis, adviseur van hierdie Deputate en gasheer van die geleentheid as verteenwoordiger van die SA gemeenskap, oorhandig. Die oplaë word op aanvraag gedruk en by die Administratiewe Buro te koop aangebied.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.4 Die Woord voor die ja-woord (Afrikaanse vertaling van ds E Brink se boek, *Het Woord vooraf*)

Die publikasie hiervan is in 2009 afgehandel. Hierdie boek, wat al in verskillende tale vertaal en positief in die Gereformeerde wêreld ontvang is, word veral op drie teikengroepe gerig: 1) Belydeniskatgisante; 2) volwasse kategese/onderrig; 3) vir selflees deur lidmate met die oog op geloofsverryking en groei in geloofskennis. Hier word dankbaar melding gemaak van die hulp en ondersteuning deur predikante en lidmate van die VGKSA (Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) in die voorbereiding van die Afrikaanse manuskrip.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.5 'n Tweede oplaag van Arendsvlerke (Bybelstudie oor gebed deur ds DHP Wijnbeek) is gedruk en word weer te koop aangebied.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.6 Projek "Leer my Heer"

Die eerste fase van hierdie projek, om die sing van Psalms en die Geneefse melodieë, veral onder kinders te bevorder, is afgehandel, naamlik die professionele opnames van 20 Psalms en die sny van die klankbaan sowel as die administrasie wat daarmee verband hou. Met die Aanvullende Rapport sal meer breedvoerig hieroor berig kan word.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.7 Calvin and Social Ethics (prof LF Schulze)

As deel van die primêre opdrag van die CJBF is hierdie publikasie van prof LF Schulze (oorspronklik in 1985 deur Kital uitgegee) weer gepubliseer en van 'n nuwe voorwoord voorsien, nadat die skrywer dit opnuut oorgewerk het. Dit is te koop by die Administratiewe Buro.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.8 Rendre Compte de l'Espérance ("Om rekenskap van die hoop te gee", deur ds E Kayayan)

Hierdie boek (ongeveer 350 bladsye) is met ondersteuning vanuit die Deputate se Evangeliseringsmediafonds deur *L'Age d'Homme* in Lausanne, Frankryk gepubliseer met die oog op die Franssprekende Europeërs as primêre mark. Dit is gebaseer op 'n aantal oordenkings wat die afgelope tien jaar oor die radio uitgesaai is. Die teiken is hoofsaaklik die Franssprekende publiek in Europa en wil graag die Roomse segment van die bevolking bereik om die inhoud van die Christelike geloof duidelik aan hulle voor te stel. Dwarsdeur die boek word die tema van die hoop wat daar in Christus te vind is, beklemtoon. Die gedagte is om die lesers te lei om die aktualiteit en gesag van God se Woord in sy samehang te ontdek, wat 'n mens altyd na Jesus Christus toe bring.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.9 *Kom Here Jesus* (ds MJ Booyens)

Tydens die deurvoer van hierdie projek is vasgestel dat die boek reeds op die webwerf van dr AH Bogaards (GK Pretoria-Rooiwal) www.enigstetroos.org toeganklik is, daarom is duplikasie van die Deputate se kant af gestaak. Aandag is gegee aan onderlinge koördinasie, onder meer by wyse van skakels tussen die webwerwe (CJBF en www.enigstetroos.org).

Besluit: Kennis geneem.

2.3.10 Publikasies wat deur die CJBF uitgegee word, deurloop vooraf die normale proses van keuring soos voorgeskryf in die reglement. Op grond van die aanbevelings van keurders is dit nie moontlik om alle manuskripte wat vir publikasie aangebied te word, uit te gee nie. Soms val die aard van die inhoud bv buite die bestek van die doelstellings van die CJBF. So was dit ook die geval die afgelope termyn, dat manuskripte eers ná die ontvang van sodanige aanbevelings deur die keurders, uitgegee is. In die geval van manuskripte wat ná keuring nie aanvaar is nie omdat dit ná beoordeling geblyk het buite die bestek van die CJBF-opdrag te val, is die redes aan die outeurs verduidelik.

Besluit: Kennis geneem.

2.4 *Verdere beoogde projekte*

Buiten bg projekte wat nog aandag geniet, is die volgende projekte of take ook tans nog in die proses van afhandeling óf dit is lopende projekte wat op langer termyn hanteer word. Dit sal in die Aanvullende Rapport aan die orde kom.

2.4.1 Die beskikbaarstelling van goeie literatuur aan die verskillende taalgemeenskappe.

2.4.2 'n Uiteensetting van die Dordtse Leerreëls.

2.4.3 Die beoordeling van die 1936-Afrikaanse Psalmberyming se hersiene teks.

2.4.4 Verdere Calvynkommentare in Afrikaans.

2.4.5 *Calvyn oor die Christelike Lewe* (prof JH van Wyk).

2.4.6 Preekbundel van ds E Kayayan met finansiële ondersteuning deur *Foi et Vie Réformées*

Besluit: Punte 2.4 tot 2.4.6 kennis geneem.

2.5 *Elektroniese publikasies*: Vgl die rapportering oor die webwerf (Rapport Publikasies – Evangeliseringsmedia).

Besluit: Kennis geneem.

2.6 *Bemaking*

By verskillende geleenthede, sowel deur middel van die Kerklike Tydskrifte en ook deur plakkaat aan die gemeentes, is publikasies van die CJBF en ander publikasies wat by die Administratiewe Buro verkoop word en binne dieselfde genre is, bemerk. Aandag is sowel aan 'n Afrikaanse as aan 'n Engelse plakkaat gegee, waarop die volgende ingesluit is: Jansie van der Walt se Calvynroman, sowel in Afrikaans as in Engels; Duvenage se Afrikaanse opsomming van Calvyn se *Institusie*, Dagstukkies-publikasie oor die Belydenisskrifte (vorige termyn); Enne Nieuwenhuis se publikasie oor die *Heidelbergse Kategismus*; Egbert Brink (*Die Woord voor die ja-woord*), die Afrikaanse vertaling van Calvyn se Romeine kommentaar; Dr AH Bogaards se publikasie oor die *Heidelbergse Kategismus*; DVD van die GK Rietvallei (ds E Kayayan) oor die lewe en werk van Johannes Calvyn ter herdenking van sy 500ste geboortedag; *Calvin and Social Ethics* deur prof LF Schulze. Deur die bemiddeling van die Skakeldeputaat word die fasiliteite by die Administratiewe Buro vir die bemaking van CJBF-publikasies ook benut.

Besluit: Goedgekeur.

E. AANVULLENDE RAPPORT

1. Voorrade: CJBF

Br HSJ Vorster van die Administratiewe Buro sal die stand van voorrade tydens die Sinode beskikbaar hê.

Besluit: Kennis geneem.

2. Individuele projekte van die CJBF in die termyn 2009-2011

2.1 *2009- en 2010-Psalmboeke* (in aansluiting by die Deputaterapport).

2.1.1 Volhoubare beskikbaarstelling van Psalmboeke

2.1.1.1 Die laaste Psalmboeke is deur Lux Verbi BM gedruk. Lux Verbi is intussen aan Naspers verkoop.

Aanbeveling: Gesprekke moet met Naspers gevoer word om te verseker dat Psalmboeke steeds bekostigbaar op aanvraag gedruk sal word.

Besluit: Aanbeveling goedgekeur.

2.1.1.2 Met die toename van die gebruik van e-boeke is dit te wagte dat die aanvraag vir gedrukte Psalmboeke in die toekoms algaande sal afneem. Met die oog daarop moet besin word oor die moontlikheid om die Psalmboeke elektronies beskikbaar te stel vir gebruik op selfone, rekenaars, Kindle, ens (vgl Acta 2009:796, 2.2.2). Die ideaal moet steeds wees om lidmate van 'n volledige Psalmboek (Psalms, Skrifberymings, Belydenisskrifte, Formuliere en Kerkorde) te voorsien. Hierdie elektroniese weergawe van die Psalmboeke moet nie met die reflekteer/projeksie van Psalms en Skrifberymings op 'n skerm of flitsbord verwar word nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.2 Kopiereg

2.1.2.1 Om Psalmboeke in die toekoms elektronies beskikbaar te stel, is dit wesenlik dat die GKSA (met name die CJBF) die nodige regte het om dit te doen.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.2.2 Die kopiereg op die 2009-Psalmbok ("Swart" Psalmboek) word, met uitsondering van enkele Skrifberymings, deur die GKSA gehou (kyk Acta 1988:387, 2.3.3 en Acta 1988:387, 2.3.3). In die herdrukke van die Psalmboeke sedert 1988 is foutiewelik vermeld dat die kopiereg van die Psalmmelodieë deur NG Kerk-Uitgewers en later Lux Verbi BM gehou word. Hierdie saak is in proses om reggestel te word.

Aanbevelings: Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om:

2.1.2.2.1 toe te sien dat die kopiereg reëlings rakende die 2009-Psalmbok en die weergee daarvan in die Psalmboek reggestel word.

2.1.2.2.2 met Naspers in gesprek te tree oor die bekom van regte om die Skrifberymings waarvan die GKSA nie kopiereg hou nie, elektronies te kan versprei.

2.1.2.2.3 Die kopiereg op dié dele in die 2010-Psalmbok ("Groen" Psalmboek) wat nie in die 2009-Psalmbok voorkom nie asook die Skrifberymings waarna in 2.1.2.2 verwys word, behoort aan Naspers, wat dit by Lux Verbi BM oorgeneem het.

Aanbeveling: Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om met Naspers in gesprek te tree oor die bekom van regte om die Psalmomdigtings en Skrifberymings waarvan die GKSA nie kopiereg hou nie, elektronies te kan versprei.

Besluit: Punte 2.1.2.2 tot 2.1.2.2.3 goedgekeur.

2.2 *Stoor (rugsteun) van elektroniese kopie van Psalmboeke by Administratiewe Buro*

Met die groot hoeveelheid probleme rondom die heruitgee van die 2009- sowel as 2010-Psalmbok is bevind dat dit noodsaaklik is om 'n elektroniese kopie van die meester van beide Psalmboeke by die Administratiewe Buro in veilige bewaring te hou.

Aanbeveling: Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om met Naspers (teksgedeelte) en mnr Colin Campbell (musiekgedeelte) te skakel om die meesters van die Psalmboeke te bekom.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Elektroniese beskikbaarstelling van Psalmnotasie aan gemeentes vir gebruik met projektors*

Die behoefte is geïdentifiseer dat gemeentes wat van projektors en skerms om vanaf te sing, gebruik maak, die notasie van alle verse saam met die woorde van elke vers wil projekteer. Daar is 'n begin gemaak om kosteberekening vir sodanige notasie te doen.

Aanbeveling: Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die projek af te handel.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 *Hersiening van die 1936/7-Afrikaanse Psalmberyming*

2.4.1 Opdrag

Vgl Acta 2009:716-723.

Besluit: Kennis geneem.

2.4.2 Uitvoering

- 2.4.2.1 Die aanvanklike hersiene teks is danksy die onvermoeide ywer van wyle br Dirk du Toit in 2009 tydens die 150-jarige fees van die Gereformeerde Kerke in boekvorm beskikbaar gestel.
- 2.4.2.2 Die hersiene teks is ook elektronies aan gemeentes wat dit wou gebruik, beskikbaar gestel.
- 2.4.2.3 Kommentaar van individue, groepe en kerke is deeglik oorweeg, geweeg en volgens gewig in die hersiening opgeneem. Nie alle kommentaar kon opgeneem word nie. Daar was ook kommentaar wat die sinvolheid van die hersiening op grond van bepaalde prinsipiële redes afgewys het.
- 2.4.2.4 Die hersiening van die teks is voortgesit onder leiding van kundiges ter wille van taalkundige, poëtiese, eksegetiese en musikale oorwegings.
- 2.4.2.5 Die kundiges het opgetree in 'n breë oorwegingsraamwerk waarna 'n kerngroep die uiteindelijke neerslag van studie en oorweging in die teks opgeneem het.
- 2.4.2.6 Aan die woordelys, waarin moeilik verstaanbare woorde en Nederlandismes verklaar word en wat agter in die Psalmboek opgeneem word, is nog geen verdere aandag gegee nie. Sinode 2009 het reeds van 'n konsepwoordelys kennis geneem. Dié woordelys moet verwerk en vir goedkeuring aan die Sinode voorgelê word (Acta 2009:716, 5.4 en 2009:723). Die Deputate het oorweeg om, in stede van 'n woordelys agter in die Psalmboek, van voetnotas by elke betrokke Psalm gebruik te maak. Dit gaan die verwysing na en opsoek van woorde aansienlik vergemaklik.

Besluit: Punte 2.4.2.1 tot 2.4.2.6 kennis geneem.

2.4.3 Aanbevelings

- 2.4.3.1 Die hersiene teks (volgens die laaste verwerking, gedateer 9 September 2011) van die 1936/7-Psalmberyming hiermee aan die Sinode voorgelê word met die aanbeveling dat die hersiene teks as alternatiewe teks deur gemeentes gebruik mag word.
- 2.4.3.2 Die hersiene 1936/7-Psalmberyming as volledige teks slegs in elektroniese formaat vir gebruik aan gemeentes beskikbaar gestel word (vergelyk die besluit van Sinode 2009:716, 5.2).
- 2.4.3.3 Die opdrag van Sinode 2009 insake die woordelys kontinueer. Die Deputate kan woorde by wyse van voetnotas of eindnotas aantoon.

Besluit: Punte 2.4.3.1 tot 2.4.3.3 goedgekeur.

2.5 Koraalboek-addendum

'n Addendum vir die begeleiersboeke (*Koraalboeke*), waarin die bykomende melodieë vir Psalms en Skrifberymings opgeneem word, moet daargestel word.

Aanbeveling: Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die projek af te handel.

Besluit: Goedgekeur om uitgevoer te word in samewerking met Deputate Liturgiese Sake.

2.6 Herdruk van die 1559-*Institusie* van Calvyn in Afrikaans (Simpsonvertaling)

2.6.1 Opdrag

Vgl Acta 2009:798.

Besluit: Kennis geneem.

2.6.2 Uitvoering

- 2.6.2.1 Die teikendatum vir die heruitgee van die 1559-*Institusie* van Calvyn in Afrikaans (Simpsonvertaling), 2009, kon nie gehaal word nie. Dit hang saam met tegniese aspekte rakende die beskikbaarstelling van 'n elektroniese meester wat moeiliker geblyk te wees het, as oorspronklik voorsien kon word.

Besluit: Kennis geneem.

- 2.6.2.2 Vir die heruitgawe van die 1559-*Institusie* van Calvyn in Afrikaans (Simpsonvertaling) is reeds inisiatiewe deur die Deputate geneem om, buiten die

bedrag uit die CJBF-fonds wat reeds daarvoor geormerk is (R150 000) en 'n donasie van R10 000 (deur die Simpsonfamilie aangebied), verdere fondse ter subsidie van die drukkostes te verkry. Met dank kan melding gemaak word van 'n besondere bydrae deur die Deputate Almanak in hierdie verband, wat vir teologiese studente die aankoop van die *Institusie*-uitgawe meer bekostigbaar sal maak.

Besluit: Met dank kennis geneem.

2.6.2.3 Intussen is die heruitgawe tydens die opstel van die Deputate se Aanvullende Rapport nog in proses. Daar word beplan om mondeling tydens die Sinode verder te rapporteer.

Besluit: Kennis geneem.

2.7 “*Leer my Heer*” – Projek om die sing van Psalms en die Geneefse melodieë, veral onder kinders, te bevorder

Volgens die vooruitsigte behoort hierdie projek vroeg in 2012 afgehandel en die produk – waarna met mooi verwagting uitgesien word – bemerkbaar te wees.

Aanbeveling: Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die tweede fase van die projek, naamlik die opname van 20 verdere Psalms, te ondersoek en verder te hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

2.8 *Calvyn oor die Christelike lewe*

Die projek om die boek, *Calvyn oor die Christelike lewe*, weer te publiseer, word tans hanteer. Dit is nog in 'n vroeë fase.

Aanbeveling: Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die projek verder te hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

2.9 *Kom Here Jesus*

Nadat aanvanklik besluit is om op versoek hierdie boek van wyle ds Thys Booyens weer te publiseer, is later vasgestel dat die boek reeds elektronies op die webwerf van dr AH Bogaards, <http://www.EnigsteTroos.org>, beskikbaar is. Die behoefte vir die publikasie het gevolglik verval.

Besluit: Kennis geneem.

2.10 *Goeie literatuur aan al die taalgemeenskappe*

Die Deputate het begin met 'n projek om goeie literatuur aan al die taalgemeenskappe te verskaf. Onder meer is daar deur middel van vraelyste inligting oor die behoeftes aan evangelisasielektuur ingewin. Hierdie projek sluit ook aandag aan preekbundels in verskillende tale in; dit is egter nog in sy beginfase.

Aanbeveling: Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die projek verder te hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

2.11 *Rooi en Blou Boekies (verkorte, vereenvoudigde weergawes van die Heidelbergse Kategismus)*

Die Rooi en Blou boekies is in Engels vertaal en sal gedruk word sodra die taalversorging afgehandel is. 'n Woord van dank aan sr Deléne Vrey vir haar werk in die verband.

Aanbeveling: Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die projek verder te hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

2.12 *Preekbundel deur ds E Kayayan (GK Rietvallei)*

Die Deputate het goedgekeur dat 'n preekbundel van ds E Kayayan volgens die reglement deur die normale keuringsproses hanteer word met die oog op publikasie. Die koste daarvan sal deur Foi et Vie Réformées (Reformed Faith and Life) gedra word.

Aanbeveling: Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die projek verder te hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

2.13 *Publikasie van 'n Uiteensetting van die Dordtse Leerreëls*

Hierdie projek is feitlik afgehandel. Op die Sinode kan verder mondeling gerapporteer word.

Besluit: Goedgekeur met die amendement dat die benoemde Deputate opdrag ontvang om die projek verder te hanteer.

3. Bemarking

Die uitvoering van die volgende besluite deur die Deputate word aan die nuwe Deputate oorgedra:

3.1 Die bekendstelling van alle CJBF-publikasies en -projekte in soveel as moontlik kerklike en teologiese tydskrifte binnelands sowel as buitelands (bv Nederland).

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Die afdrukke van CJBF-publikasies se buiteblaaie op 'n plakkaat vir bemarking in gemeentes en elders.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 Daar word weer Deputate aangewys om uitvoering te gee aan die opdragte.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 Beide die Deputaatgroepe (CJBF-deputate en Deputate Liturgiese Sake) nougeset met mekaar sal saamwerk in die afhandeling van hul onderskeie opdragte.

Besluit: Goedgekeur.

23.2 RAPPORT DEPUTATE PUBLIKASIES – KERKORDE (Art 95)

- A. Dr GJ Meijer lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2009:793-794,799.

1.1 Terminologie

- 1.1.1 Met die verandering in die samestelling van meerdere vergaderings in die kerkverband en gepaardgaande benamings van meerdere vergaderinge, is dit noodsaaklik om die terminologie van die Kerkorde dienoooreenkomstig aan te pas.

Besluit: Kennis geneem.

- 1.1.2 Die Regsdeputate is hieroor gekontak met die bedoeling om gesamentlik hieroor te besin en die Sinode te adviseer. Verskeie pogings om met die betrokke Deputate hieroor te beraadslaag, het ongelukkig op onverrigter sake uitgeloop.

Besluit: Kennis geneem.

- 1.1.3 Die Deputate het 'n dokument voorberei waarin alle voorgestelde terminologiese wysigings aangedui word (die dokument is as Bylae aangeheg).

Besluit: Goedgekeur.

- 1.1.4 In dieselfde dokument is wysigings aan die Kerkorde wat deur vorige Sinodes goedgekeur is, ook aangebring.

Besluit: Kennis geneem.

- 1.1.5 Die Sinode moet daarop let dat die bestaande KO, art 51verval. In die oorweging van die saak moet die besluit van Sinode 1964 in gedagte gehou word, naamlik "dat van die bestaande nommering van die Kerkorde nie afgewyk word nie" (Acta 1964:53).

Besluit: Goedgekeur.

1.2 Engelse vertaling van die KO

- 1.2.1 'n Engelse vertaling van die KO word hierby aangeheg (kyk 1.1.3).

- 1.2.2 Daar word aanbeveel dat die Sinode die vertaling goedkeur.

Besluit: Punte 1.2.1 en 1.2.2 kennis geneem.

1.3 Sesotho vertaling van die KO

- 1.3.1 'n Sesotho vertaling van die KO word hierby aangeheg.

- 1.3.2 Daar word aanbeveel dat die Sinode die vertaling goedkeur.

Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 kennis geneem.

1.4 Setswana vertaling van die KO

- 1.4.1 Daar is 'n begin gemaak aan die vertaling van die Setswana vertaling van die KO.

- 1.4.2 Die werk moet aan volgende Deputate opgedra word om af te handel.

Besluit: Punte 1.4.1 en 1.4.2 kennis geneem.

1.5 Vertaling in ander amptelike landstale

Dit word aanbeveel dat die te benoeme Deputate aandag sal gee aan die vertaling van die KO in die ander amptelike landstale.

Besluit: Goedgekeur.

1.6 Teks en vertalings

- 1.6.1 Daar word aanbeveel dat die Afrikaanse teks van die KO as die "grondteks" in die kerke gebruik sal word. Indien 'n wysiging aan die KO aangebring word, word dit in die Afrikaanse teks aangebring. Op grond van die wysiging in die Afrikaanse teks word die tekste in die ander tale vertaal.

Besluit: Goedgekeur.

- 1.6.2 Die Deputate vir die uitgee van die KO-boekie kry opdrag om die vertaling van die veranderinge in die KO te behartig en uit te gee.

Besluit: Goedgekeur.

1.7 *Verklarende woordelys by die Kerkorde*

Daar is nog nie verdere vordering gemaak met die opstel en publikasie van die Afrikaanse en/of Engelse “Verklarende Woordelys” by die KO nie.

Besluit: Kennis geneem.

1.8 *Wysigings aan die Kerkorde*

1.8.1 Die Handeling Sinode 2009 is nagegaan om vas te stel watter besluite almal op die redigering van die Kerkorde enige betrekking het (sien 1.1.4 hierbo).

Besluit: Kennis geneem.

1.8.2 Publikasie van veranderinge aan die Kerkorde

Omdat daar soveel terminologiese veranderinge aan die KO voorgestel word, is dit nie sinvol om vir die huidige ’n besluit oor die publikasie van ’n KO-boekie te neem nie – hetsy elektronies, hetsy in ’n ander formaat. Daar word aanbeveel dat die Sinode aan die te benoeme Deputate opdrag gee om aan die uitgee van die goedgekeurde KO met KO-boekie in die verskillende tale aandag te skenk.

Besluit: Goedgekeur.

1.9 *Indeksering van Sinodebesluite*

Saak kontinueer in oorleg met TSP.

Besluit: Goedgekeur.

1.10 *Kontinuering van redaksionele werk aan die Kerkorde*

Deputate word aangewys en ontvang die opdrag om voort te gaan met die werk aan 1.1-1.10.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

D. AANVULLENDE RAPPORT

1. Kerkordeboekie

1.1 *Hersiening*

Dele van die bestaande Afrikaanse Kerkordeboekie (in 1998 gepubliseer) is verouderd en/of nie meer relevant nie. Om ’n eenvormige Kerkordeboekie vir al die kerke daar te stel, is dit nodig om te verseker dat alle Bylaes wat tevore by die onderskeie Nasionale Sinodes in gebruik was, sinvol in ’n geheel saamgevoeg word.

Aanbeveling: Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die Kerkordeboekie grondig te hersien en op ’n geskikte wyse uit te gee.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

1.2 *Vertaling*

Aanbeveling: Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die hersiene Kerkordeboekie in Engels te vertaal. Ondersoek moet ook gedoen word na die wenslikheid en moontlikheid van vertalings in die ander Afrikatale.

Besluit: Goedgekeur.

23.3 RAPPORT DEPUTATE PUBLIKASIES – EVANGELISERINGS- / PASTORALE MEDIA (Art 114)

- A. Dr GJ Meijer lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2009:794-795, 799.

1.1 *Evangelisasielektuur*

1.1.1 'n Vraelys is per e-pos na die meeste gemeentes uitgestuur om die volgende behoefte te bepaal:

- (a) Wat word deur gemeentes benodig in terme van evangelisasie, hospitaallektuur ens?
- (b) In watter tale word dit benodig?
- (c) In watter formaat word lektuur benodig, bv CD's; DVD's; pamflette, beskikbaarstelling op die webwerf?
- (d) Op grond van terugvoering is die behoeftes van 89 gemeentes verwerk en in die vorm van 'n verslag saamgestel (ter insae beskikbaar).

1.1.2 Samestelling van evangelisasielektuur van goeie lektuur vir die verskillende taalgemeenskappe binne die raam van die CJBF-strewe in hierdie verband. Die saak kontinueer en word aan volgende Deputate opgedra.

1.1.3 Hospitaallektuur

1.1.3.1 Hospitaallektuur in Afrikaans

Ná vasstelling van die behoefte aan ondersteunende hospitaallektuur, is 'n brief aan predikante gestuur, in die besonder aan dié wat volgens die Almanak vir hospitaalbesoeke verantwoordelik is, met die doel om moontlike skrywers/samestellers van hospitaallektuur te identifiseer. Geen predikant het vrywillig aangebied om hiermee te help nie of om literatuur beskikbaar te stel nie. Die hantering van hierdie saak word verder deur die Deputate beplan en aangespreek.

1.1.3.2 Hospitaallektuur in ander tale as Afrikaans

'n Brief is uitgestuur om uit te vind wie oor die nodige literatuur beskik om tot die Deputate se beskikking te stel. Uit die reaksie het dit duidelik geblyk dat hoewel daar 'n behoefte aan sodanige lektuur is, daar op die oomblik nie sulke bestaande ondersteunende lektuur beskikbaar is nie. (Die verslag van die omvang van die behoefte is ter insae beskikbaar.)

1.1.3.3 Daar word aanbeveel dat hierdie projek (hospitaallektuur in verskillende tale) aan die te benoeme Deputate oorgedra word, wat die moontlikheid van TSP-insette ook moet ondersoek.

1.1.4 Woordbediening na binne en buite

Die behoefte aan evangelisasielektuur in hardekopie, waaronder voorstelle tov die formaat en die druk asook ander aspekte (daarby die moontlikhede van en behoeftes in ander tale) is aangespreek. Die Deputate het besluit dat

1.1.4.1 Hardekopie van evangelisasielektuur by die Administratiewe Buro beskikbaar gestel word.

1.1.4.1.1 Daar kan voorrade op aanvraag gedruk laat word.

1.1.4.1.2 Gemeentes wat die behoefte het aan hardekopie en self fasiliteite het om dit te kan druk, word in die geleentheid daartoe gestel.

1.1.4.1.3 In die geval van gemeentes wat die behoefte het aan evangelisasielektuur in hardekopie maar nie self oor die fasiliteite of kompetensie (waaronder finansies) beskik om dit te kan doen nie, word eers by die aanvaarde ordelike reëling gebly, dat daar by naburige kerke om hulp in hierdie verband aangeklop moet word.

- 1.1.4.1.4 In die geval van buitengewone omstandighede sou by wyse van uitsondering uit die Deputate se fonds aansoeke op *ad hoc*-basis hanteer kan word; by wyse van e-pos word besluite ten opsigte van die kostes deur die Deputate getref.
- 1.1.4.1.5 Die formaat van hierdie tipe lektuur is van groot belang, veral die gebruikersvriendelikheid daarvan.
- 1.1.4.2 Aangesien daar tot dusver nog geen versoeke vir die druk van hardekopie was nie, word besluit om aan te beveel dat hierdie taak in die volgende termyn 'n staande punt op die agenda van die Deputate sal wees.
- 1.2 **Webwerf**
- 1.2.1 Daar is besluit dat R10 000 uit die Deputate se fondse beskikbaar gestel word vir die ontwerp van die webwerf met 'n verdere R5 000 vir die jaarlikse instandhouding daarvan. Laasgenoemde bedrag moet jaarliks deur die Deputate hersien word.
- 1.2.2 Die Deputate het besluit om die GKSA-webmeester, dr HF van Wyk, te versoek of hy bereid sou wees om verantwoordelikheid vir die ontwerp en instandhouding van hierdie Deputate (CJBF en Evangeliseringsmedia) se webwerf te aanvaar. Hy het ingewillig. Daar is toe verder besluit om dr HF van Wyk in sy hoedanigheid as Webmeester van sowel die GKSA-webwerf as die webwerf van hierdie Deputate te vra om, indien moontlik, ook voortaan hierdie Deputate se vergaderings by te woon. Die Deputate is dankbaar dat dr Van Wyk ingewillig het en vir sy besondere bydrae wat hy tydens die afgelope termyn ter uitvoering van die Deputate se opdrag gelewer het.
- 1.2.3 Oor die Internet kan die volgende gerapporteer word: 'n Eie webwerf is vir die Deputate ontwerp en geregistreer: www.cjbf.co.za Hierdie webwerf het die volgende ten doel:
 - 1.2.3.1 **Boeke**
 - 1.2.3.1.1 Huidige publikasies: Die bekendstelling van nuwe en bestaande publikasies van die CJBF. 'n Bestelvorm is op die webblad; daar is tans 12 publikasies wat beskikbaar is.
 - 1.2.3.1.2 Publikasies wat uit druk is: Om publikasies wat uit druk is, elektronies op die webwerf te plaas. Lesers kan dus hierdie publikasies gratis elektronies vanaf die webwerf aflaai. Daar is ook die fasiliteit om publikasies wat uit druk is, te laat druk indien dit aangevra word. Die drukkoste word gedra deur die persoon wat die publikasie wil bekom. Daar was einde Junie 2011 reeds 23 boeke beskikbaar.
 - 1.2.3.2 **Quo Vadis-uitgawes** (kyk 1.3 hieronder)
Al die beskikbare uitgawes (op een na) wat oor die jare verskyn het, is elektronies op die webwerf geplaas. Daar word van die katalogisering van die Ferdinand Postma Biblioteek gebruik gemaak om spesifieke temas in die *Quo Vadis*-uitgawes te soek.
 - 1.2.3.3 **Evangeliseringsmedia**
 - 1.2.3.3.1 Die fasiliteit is geskep om sodanige media elektronies vanaf die webblad te kan af te trek.
 - 1.2.3.3.2 Daar is 'n skakel aangebring waar besondere behoeftes/versoek gerig kan word.
 - 1.2.3.3.3 Hospitaalbediening: Die fasiliteit is geskep waar sodanige media elektronies vanaf die webblad afgetrek kan word. Daar is 'n skakel aangebring indien daar besondere behoeftes is, om dit te rig.
- 1.2.4 Die ontwerpte webwerf, www.gksa.org.za/cjbf, word deurlopend op datum gehou, wat meebring dat die Webmeester, dr HF van Wyk, tekste en gegewens met betrekking tot die CJBF, evangelisasie en hospitaallektuur op die webwerf plaas en die webwerf met die doel van die sistematiese ontsluiting van publikasies in stand hou.
- 1.2.5 Die webwerf vir die Deputate Publikasies is aan Kerkrade bekend gestel dmv briewe/e-pos. Dit sluit 'n omvattende indeks aan Kerkrade in, waarin die beskikbaarstelling en bemerking van nuwe literatuur, die benutting van die Internet as verspreidingsnetwerk en die beskikbaarheid en toeganklikheid van elektroniese literatuur aandag geniet. Sodoende word die webwerf deurgaans aktueel en lewendig gehou.

- 1.2.6 Briewe is aan Kerkrade gestuur om te probeer vasstel wie saam met die betrokke predikant vir korrespondensie (onder meer met hierdie Deputate) verantwoordelik is. Slegs enkele Kerkrade het hierop gereageer.
- 1.2.7 Daar is 'n verbindingskakel tussen die webwerf van hierdie Deputate (CJBF) en die webwerf van die GKSA aangebring. Verder word voortdurend aandag gegee aan verbindingskakels met die webwerwe van buitelandse kerke.
- 1.2.8 'n Honorarium is vir die Webmeester vasgestel wat vanuit die Evangeliseringsmediafonds betaal word.
- 1.2.9 Finansies: Oor die finansies sal in die Aanvullende Rapport verslag gedoen word.
- 1.3 *Quo Vadis*
- 1.3.1 'n Totaal van 242 *Quo Vadis*-uitgawes is reeds ingeskandeer en in pdf-formaat op die webwerf toeganklik gemaak. Briewe is na elke outeur van artikels, geskryf in *Quo Vadis*-uitgawes, uitgestuur om hulle eie artikels te proeflees. Hoewel 'n groot hoeveelheid artikels terug ontvang is wat op hierdie wyse geproeflees is, was nog nie alle artikels gedek nie (sommige outeurs is bv al oorlede). Daar is gevolglik besluit om van private persone gebruik te maak vir die redaksionele werk en die proeflees asook om die *Quo Vadis*-uitgawes te aktualiseer. Br W Swanepoel (GK Wilropark) het ingewillig om die inskanderingswerk te doen. Daarna is besluit om 'n honorarium aan hom te bied. 'n Verdere bedrag is deur die Deputate bewillig vir die omvattende redaksionele werk, proeflees en aktualiseer van die *Quo Vadis*-uitgawes.
- 1.3.2 'n Toepaslike skakel is na die reeds ingeskandeerde *Quo Vadis*-uitgawes op die Deputate se webwerf geskep.
- 1.3.3 Ofskoon aanvanklik daaraan gedink is om 'n tematiese indeks t.w.v. die ontsluiting van en gebruikersvriendelike toegang tot die *Quo Vadis*-uitgawes te skep, is daar weens die buitengewone omvang van só 'n taak – wat die kapasiteite van die Deputate oorskry – en die reeds beskikbare soekfunksie wat in elk geval by die *Ferdinand Postma Biblioteek* beskikbaar is, geoordeel om te volstaan met die skakel op die webwerf na bg soekfunksie by die biblioteek.
- 1.3.4 'n Besluit moet nog geneem word oor die identifisering en herwinning van beskadigde en ontbrekende *Quo Vadis*-eksemplare wat nie ingeskandeer kan word nie.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3.4 kennis geneem.

2. Aanbevelings

In die lig daarvan dat heelwat take en projekte nog in 'n proses van behandeling is, word die aanbevelings in die Aanvullende Rapport hanteer.

Besluit: Kennis geneem.

D. AANVULLENDE RAPPORT

Quo vadis

Met verwysing na 1.3 van die Rapport kan gerapporteer word dat die projek om die *Quo vadis*-uitgawes op die internet beskikbaar te stel, afgehandel is.

Besluit: Kennis geneem met opdrag dat Deputate aangewys word om onafgehandelde sake af te handel.

23.4 RAPPORT DEPUTATE RADIO EN TV-UITSENDINGS (Art 115)

- A. Ds HL Stavast lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 1.1 *Opdrag*: Acta 2009:803, 3. Om in samewerking met Radio Pretoria, asook SAUK (Tripel M Produksies) en Radiokansel en ander gelisensieerde uitsaaiers met wie amptelike samewerkingsooreenkomste bestaan, die uitsending van eredienste, kerknuus en deelname aan godsdienstoprogramme vanuit die GKSA oor Radio en TV te reel. Om by ds E Kayayan te verneem of die Deputate die Franse Radiobediening van hulp kan wees.
- 1.2 *Uitvoering van opdrag*
Die uitsaai van eredienste, kerknuus en deelname aan Godsdienstoprogramme het gereeld op Radio Pretoria en per geleentheid op RADIOKANSEL (CNW) en RSG (SAUK) plaasgevind.
- 1.3 **Uitsaai geleenthede**
 - 1.3.1 Radio Pretoria
Die Godsdienstkomitee van Radio Pretoria ken op 'n gelyke basis met die NGK, NHK en APK aan die GKSA Godsdienstuitsendingsgeleenthede toe. Dit beteken dat 12 tot 13 weke per jaar deur Radio Pretoria aan die GKSA toegeken word. 'n Week se uitsendings behels 'n Sondagoggenderediens, daaglikse dagopeninge en sluitings, huisgodsdienste en oggendoordenkings. Elke 4de maand ontvang die GKSA die geleentheid om Sondae-aande (dws 4–5 Sondae agtereenvolgens) die Heidelbergse Kategismus te behandel.
Kerknuus word, soos dit vanaf die Administratiewe Buro ontvang is, Sondagoggende op die sender uitgesaai.
Di HJP de Beer, P Van Wyk en HL Stavast het as verteenwoordigers van die GKSA verskeie vergaderings van Radio Pretoria se Godsdienstkomitee bygewoon en die nodige insette gelewer.
 - 1.3.2 RSG
Tripel M Produksie as gemagtigde om Godsdienstuitsendings op RSG te behartig het die volgende inligting en amptelike beleid van RSG verskaf:
 - 1.3.2.1 Daar is geen amptelike persentasie verdeling tussen die verskillende kerkgenootskappe in terme van die toekenning van dienste nie.
 - 1.3.2.2 Die verdeling wat wel geld, is 'n 50–50 verdeling tussen Blankes en Bruin mense.
 - 1.3.2.3 Dienste hoef nie meer slegs deur leraars van kerke aangebied word nie, maar kan deur toegewyde gelowiges geskied.
 - 1.3.2.4 Daar moet 'n verteenwoordiging wees van vrouens in die aanbieding van die dienste.
 - 1.3.2.5 Aanbieders moet die radio as medium kan benut.
 - 1.3.3 SABC TV
Geen versoek is ontvang om vanuit die GKSA 'n uitsaai geleentheid waar te neem nie.
 - 1.3.4 Radiokansel
Ds HJP de Beer dien as verteenwoordiger van die GKSA op 'n subkomitee van die Raad van Radiokansel, Genaamd die Teologiese Advieskomitee (TAK).
 - 1.3.5 Franse Radio Bediening
Briefwisseling en gesprekke met ds E Kayayan en die GK Rietvallei het plaasgevind. Dit is egter moeilik vir enige samewerking binne die bestaande opdrag van die Deputate en die spesifieke taalfokus van die Radiostasie.

1.3.6 Verseok aan Klassisse

Geen besonderhede of versoeke is van enige Klassis ontvang oor plaaslike radiostasies en moontlike uitsaaigeleenthede. 'n Skrywe in die verband is aan elke Klassis deurgegee.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3.6 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

2.1 *Deputate word weer aangewys met die opdrag om*

2.1.1 In samewerking met Radio Pretoria, SAUK (Tripel M Produksies), Radiokansel en ander gelisensieerde uitsaaiers die uitsending van eredienste, kerknuus en deelname aan Godsdienstprogramme vanuit die GKSA oor Radio en TV te reël.

2.1.2 Die sameroeper van die nuwe Deputate in die plek van ds HJP de Beer as verteenwoordiger van die GKSA op 'n subkomitee van die Raad van RADIOKANSEL aan te wys.

2.1.3 Die name van medewerkers uit GKSA tov uitsaaigeleenthede aan die betrokke instansies deur te gee en te koördineer.

2.2 *Dat Kerke en Klassisse verseok word om*

2.2.1 persone uit die GKSA wat wil meewerk tov uitsaaigeleenthede se name aan die Deputate deur te gee.

2.2.2 Met plaaslike radiostasies te skakel vir moontlike geleenthede vir Woordverkondiging en besonderhede van sodanige skakeling aan die Deputate deur te gee vir koördinering

2.3 *Dat 'n persoon vanuit die Franse Radiobediening aangewys word om*

te dien as Deputaat van die Deputate Radio en TV uitsendings met spesifieke opdrag die koördinering van uitsaaigeleenthede vanuit die GKSA deur die Franse Radiobediening.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 goedgekeur.

23.5 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE UITGEE VAN DIE HANDELINGE (Art 116)

- A. Ds CA Jansen lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Kyk Acta 2009:805.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Die Handeling van die Sinode in 2009 is uitgegee volgens die handleiding wat deur die Sinode van 1985 vasgestel is (Acta 1985:51-53).
- 2.2 Volgens vorige Sinodebesluite is die volgende sake gehanteer:
 - 2.2.1 Handeling 2009 is van 'n alfabetiese indeks voorsien, asook 'n register van artikels voor in die Handeling, soos dit in volgorde op die Sinode gedien het (Acta 1994:630, 631).
 - 2.2.2 Die tersaaklike Notule-artikels is by elke saak aangedui (Acta 1994:630).
 - 2.2.3 Slegs 350 eksemplare (eksemplare aan Kerkrade, pligeksemplare en bestellings) van die Handeling is gedruk. Die Handeling 2009 is op die webblad van die GKSA beskikbaar gestel. Die Handeling 2009 is nie op laserskyf beskikbaar gestel nie aangesien daar geen navraag hieroor was nie.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.3 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

- 3.1 Die Sinode benoem weer Deputate vir die uitgee van die Handeling volgens die riglyne van Sinode 1985 (Acta 1985:51-53). Die Skriba en adjunk-skriba van Sinode 2012 moet ook as Deputate benoem word.
- 3.2 *Die Sinode begroot vir die volgende uitgawes*
 - 3.2.1 Koste verbonde aan die publikasie van die Handeling.
 - 3.2.1.1 Word verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro saam met die Deputate vir Uitgee van die Handeling. Daar word weer slegs die nodige aantal eksemplare gedruk.
 - 3.2.1.2 Die Handeling word weer op die webblad van die GKSA geplaas.
 - 3.2.2 Fondse vir taalkundige versorging.
 - 3.2.3 Reiskoste vir Deputate.
 - 3.2.4 Dat die Kerkorde-boekie, waar nodig, dadelik bygewerk word en dan saam met die Handeling op die webblad beskikbaar gestel word.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.2.4 goedgekeur.

23.6 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE UITGEE VAN DIE ALMANAK (Art 117)

- A. Ds W Vogel lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Kyk Acta 2009:786.

- 1.1 Die lettergrootte wat vir die Dagstukkies gebruik word, in die toekoms groot genoeg sal wees om gemaklik deur ouer lesers gelees te word (die lettergrootte van 2007 se Almanak kan as riglyn gebruik word).
- 1.2 Die Deputate gee steeds aandag aan dagstukkies vir tieners en naskoolse jeug.
- 1.3 Die Deputate poog om die GPS koördinate by die straatadres van elke kerkgebou te gee.
- 1.4 Die Deputate in samewerking met die Deputate Korrespondensie van elke Klassis, besondere moeite doen om statistiese inligting van alle kerke jaarliks op te dateer.
- 1.5 'n Verteenwoordiger uit die kerke van die vorige Sinode Middellande en Klassis Capricorn by die Deputate vir die Uitgee van die Almanak gevoeg word om saam met die Deputate te besin oor hoe die *Almanak* vir lidmate van daardie kerke toeganklik gemaak kan word.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.5 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Die *Almanak* het jaarliks verskyn
 - 2.1.1 Die *Almanak* het jaarliks verskyn met dagstukkies. Die Deputate wil graag aan die Sinode rapporteer dat die *Almanak* met dagstukkies in die lig van korrespondensie wat ontvang is, en volgens die beskeie oordeel van die Deputate, baie goed ontvang is in die kerkverband en daarbuite. Die Deputate wil ook graag 'n woord van besondere dank uitspreek teenoor al die predikante wat op 'n besondere wyse saamgewerk het om van hierdie publikasie 'n sukses te maak.
 - 2.1.2 Daar was 'n versoek dat die lettertipe van die dagstukkies groter gedruk moet word (vgl Opdrag 1.1). Elke dagstukkies is op 'n afsonderlike bladsy geplaas sodat die lettertipe groter kan wees.
 - 2.1.3 Die publisering van dagstukkies vir die tieners en naskoolse jeug is ondersoek. Die boekemark is tans oorweldig met publikasie gerig op die tiener en werkende jongmense. Die Deputate het besluit om in die publisering van dagstukkies in die Almanak wel hieraan aandag te skenk deur teologiese studente te versoek om 'n aantal dagstukkies te skryf (vgl Opdrag 1.2).
- 2.2 Die Deputate poog om die GPS koördinate by die straatadres van elke kerkgebou te gee (Opdrag 1.3).
- 2.3 Die Deputate in samewerking met die Deputate Korrespondensie van elke Klassis, besondere moeite doen om statistiese inligting van alle kerke jaarliks op te dateer (Opdrag 1.4).
- 2.4 'n Verteenwoordiger uit die kerke van die vorige Sinode Middellande en Klassis Capricorn by die Deputate vir die Uitgee van die Almanak gevoeg word om saam met die Deputate te besin oor hoe die *Almanak* vir lidmate van daardie kerke toeganklik gemaak kan word (Opdrag 1.5). Br MR Ramalisa is op die Deputate benoem.
- 2.5 Die name van ouderlinge en diakens is weer in die Almanak opgeneem soos versoek in 'n Beskrywingspunt van Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal (Acta 2009:806).
- 2.6 *Neem 'n besluit oor die opgehoopte fondse met inagneming van die volgende aanbeveling van die Deputate:*
 - 2.6.1 Die oplaag van die *Almanak* was vir 2010: 15 000 eksemplare, vir 2011 was dit 13 000 en vir 2012 word 'n oplaag van 12 500 beplan. Omdat die projek so geseënd is, het die Deputate 'n aantal eksemplare aan Gereformeerde instellings soos

- ouetehuse en kinderhuse gratis beskikbaar gestel. Die indruk wat die Deputate het, is dat Kerkrade meer gereedelik al die *Almanakke* wat hulle bestel van die hand sit en dat dit nie in konsistories ophoop nie.
- 2.6.2 Die Deputate is dankbaar om te rapporteer dat na die drie jaar 'n goeie wins getoon kan word soos blyk uit die Finansiële state wat aan die Sinode beskikbaar gestel is. Die Deputate was in die lig van die finansiële situasie daartoe in staat om die prys van die *Almanak* vir die laaste twee uitgawes laag te hou, waarvoor ons baie dankbaar is. (Die Deputate het die afgelope ses uitgawes se aflewering deur individue laat doen, wat 'n besparing van ongeveer R180 000.00 meegebring het.)
- 2.7 Die Deputate se beleid is om al die inligting wat beskikbaar is van al die Gereformeerde Kerke in die *Almanak* te plaas. Ongelukkig moet ons rapporteer dat die inligting nie altyd volledig is nie. Alles word gedoen om volledige inligting te verkry.
- 2.8 Dit is die beleid van die Deputate om jaarliks huldeblyke van predikante wat oorlede is, te plaas.
- 2.9 Die Deputate plaas van tyd tot tyd 'n volledige lys van "Kerke en hulle predikante". Sodanige lys is weer volledig in die 2010-uitgawe van die *Almanak* geplaas.
- 2.10 Die Deputate poog om die standaard van die *Almanak* jaarliks te verbeter sodat dit 'n uitgawe sal wees waarop alle lidmate trots is. Ons wil verskeie lidmate en predikante bedank vir insette en wenke wat hulle vrymoedig na elke publikasie aan ons deurgee om ons daartoe in staat te stel.
- 2.11 'n Rubriek in elke uitgawe van die *Almanak* is die Ruit waaraan 'n groot aantal lidmate deelneem. Die Deputate bedank dr Hennie van Wyk wat hierdie rubriek behartig.
- 2.12 Die *Almanak* is jaarliks by die Streeksinodes afgelewer vir verdere verspreiding deur die onderskeie kerke. Die Deputate maak ook gebruik van posversendings vir verafgeleë bestemmings wat moeilik met padvervoer bereik kan word.
- 2.13 Die Deputate wil hulle dank uitspreek teenoor adverteerders wat in die *Almanak* adverteer om sodoende koste te beperk.
- 2.14 Die Deputate wil graag hulle dank uitspreek teenoor die personeel van die Administratiewe Buro en by name srs Wymie du Plessis, Petro Kroeze en Joey Fourie vir die insette wat hulle maak om elke jaar die *Almanak* die lig te laat sien.
- 2.15 Ons wil ook graag vir Angie Mokobi en Anna Leeuw bedank vir hulle hulp om die versending van die *Almanak* moontlik te maak.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.15 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

- 3.1 Die *Almanak* word weer uitgegee en 'n redaksie moet aangewys word (*Indien moontlik, moet die Redakteur een van Potchefstroom se predikante wees*) met die opdrag om: Die *Almanak* met dagstukkies uit te gee.

Besluit: Goedgekeur.

23.7 RAPPORT 1 DEPUTATE KERKLIKE TYDSKRIFTE – ALGEMENE SAKE (Artt 118, 122)

- A. Ds JG Noëth lewer die rapport.
- B. Ds JG Noëth stel die finansiële state.
- C. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

D. RAPPORT

1. Opdrag

- 1.1 “Dat die Redaksiekommissies van die 3 Kerklike Tydskrifte asook die Deputate Kerklike Tydskrifte deelneem aan die werkwinkel genoem by Kruispad. Tydens hierdie werkwinkel moet ook na die volgende gekyk word:
 - 1.1.1 die voor- en nadele van samesmelting van *Die Kerkblad*, *Die Gereformeerde Vroueblad* en die *Slingervel* om een gesinstydskrif te vorm
 - 1.1.2 die voor- en nadele van die status quo
 - 1.1.3 die te benoeme Deputate Kerklike Tydskrifte in samewerking met die Redaksiekommissies van *Die Kerkblad*, *Die Gereformeerde Vroueblad* en die *Slingervel* die samesmelting, al dan nie, afhandel” (Acta 2009:774, 2.5(i), (ii)).
- 1.2 “Dit word aan die te benoeme Deputate Kerklike Tydskrifte opgedra om so gou moontlik ’n Redakteur vir *Die Kerkblad* aan te wys ooreenkomstig met bestaande Sinodebesluite” (Acta 2009:775, 5.2).
- 1.3 “Sedert 1973 word die 3 Kerklike Tydskrifte deur Pioniersdrukkers op band gelees en feitlik gratis aan gesiggestremdes beskikbaar gestel. ...dat die Deputate Kerklike Tydskrifte hierdie diens aktief in gemeentes bekend stel” (Acta 2009:775, 5.8).
- 1.4 “Die Deputate Kerklike Tydskrifte stel ondersoek in na die moontlikheid om die Kerklike Tydskrifte in Engels te bemark” (Acta 2009:775, 5.9).
- 1.5 “Die Deputate Kerklike Tydskrifte stel ondersoek in na die ontwikkeling van Kerklike Tydskrifte onder Afrikatalige gemeenskappe” (Acta 2009:775, 5.10).
- 1.6 “die te benoeme Deputate Kerklike Tydskrifte so spoedig moontlik ’n werkwinkel reël waartydens van kundiges uit die aktiewe media-bedryf gebruik gemaak word om ’n dinamiese besigheidsplan vir *Kruispad* saam te stel met die oog daarop dat *Kruispad* so spoedig moontlik selfonderhoudend kan wees.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.6 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Sedert die vorige Sinode in 2009 het die Kerklike Tydskrifte gereeld verskyn en is ’n hoë standaard gehandhaaf. Alhoewel ’n algemene daling van intekenare steeds waargeneem is, was dit duidelik dat die daling verlangsaam het gedurende die afgelope 3 jaar.

	Kerkblad	Vroueblad	Slingervel	Kruispad
Junie 1998	7 144	6 045	6 075	-
Junie 2008	4 703	3 436	2 982	-
April 2011	4 160	2 940	2 600	900

- 2.2 Alhoewel *Kruispad* ingedeel is onder Deputate Jeugsorg (Acta 2009:783, 5.5), het *Kruispad* en Deputate vir Kerklike Tydskrifte baie nou saamgewerk. “Die Redakteur van *Kruispad* vorm deel van die Deputate Kerklike Tydskrifte” (Acta 2009:783, 3). Daarom word in Rapport 5 volledig gerapporteer oor *Kruispad*.
- 2.3 Tydens die Feesjaar van die kerke (2009) is in al die tydskrifte aandag gegee aan die 150 jaar feesjaar tema.
- 2.4 Die Deputate het die Redaksies bygestaan in sake waarin die Redaksies versoek het om advies.

2.5 Die Deputate spreek hulle waardering uit vir die uitstekende dienste van die Redaksiekommissies en Redakteurs en die hoë standaard van die uitgawes van die tydskrifte.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 kennis geneem.

3. Finansies

Die finansiële state sal in die Aanvullende Agenda verskyn. *Kruispad* se state sal deur Deputate Jeugsorg voorgehou word.

Besluit: Kennis geneem.

4. Uitvoering van opdragte

4.1 *Opdrag 1.1 en opdrag 1.6*

“dat die Redaksiekommissies van die 3 Kerklike Tydskrifte asook die Deputate Kerklike Tydskrifte deelneem aan die werkwinkel genoem by Rapport 5 : *Kruispad*. Tydens hierdie werkwinkel moet ook na die volgende gekyk word:

- (a) die voor- en nadele van samesmelting van *Die Kerkblad*, *Die Gereformeerde Vroueblad* en die *Slingervel* om een gesinstydskrif te vorm
- (b) die voor- en nadele van die status quo
- (c) die te benoeme Deputate Kerklike Tydskrifte in samewerking met die Redaksiekommissies van *Die Kerkblad*, *Die Gereformeerde Vroueblad* en die *Slingervel* die samesmelting, al dan nie, afhandel” (Acta 2009:774, 2.5(i), (ii)).
- (d) “die te benoeme Deputate Kerklike Tydskrifte so spoedig moontlik ’n werkwinkel reël waartydens van kundiges uit die aktiewe media-bedryf gebruik gemaak word om ’n dinamiese besigheidsplan vir *Kruispad* saam te stel met die oog daarop dat *Kruispad* so spoedig moontlik selfonderhoudend kan wees.

4.1.1 Sake waarvan die Sinode kennis neem

4.1.1.1 ’n Werkwinkel is gereël en het plaasgevind op 12/13 Junie 2009. Twee kundiges is genooi na hierdie werkwinkel nl. Susan van der Schijff en Roline van Zyl.

4.1.1.2 Hierdie werkwinkel is opgevolg met ’n groter gespreksgroep waarheen verskeie verteenwoordigers en kundiges genooi is op 19 Augustus 2010.

Uit hierdie twee beplanningsgeleenthede is dit duidelik:

4.1.1.2.1 Die saamvoeg van die Tydskrifte in een formaat is nie die oplossing vir die dalende intekenare van die Kerklike Tydskrifte nie.

4.1.1.2.2 Kerklike Tydskrifte, soos byvoorbeeld *Kruispad* gaan baie moeilik in die kommersiële mark oorleef.

4.1.1.2.3 Enkele ander sake wat na vore gekom het waarvan die Sinode kan kennis neem:

- (a) Kerkpolitiek speel tog ’n groot rol in die hantering van Kerkrade van Kerklike Tydskrifte. Heelwat kerke, gemeentes en lidmate lees nie die tydskrifte nie.
- (b) Nie een van die Kerklike Tydskrifte kan ophou bestaan voordat die Sinode hulle laat ophou bestaan nie.
- (c) Behoorlike bemerking word voortdurend ondersoek.
- (d) Daar is oorleg gepleeg met die tydskrif betrokkenes van die AP Kerk, Hervormde kerk en NG Kerk. Baie duidelik worstel almal met presies dieselfde problematiek as die GKSA naamlik dalende intekenaargetalle.
- (e) Kerklike ramings gaan moeilik ’n oplossing bied.
- (f) Die tydsgees en omstandighede moet in ag geneem word, byvoorbeeld dat mense minder en anders lees.
- (g) Daar sal meer moet onderskei word tussen inhoud en medium en die kerke sal moet meer elektronies begin word.
- (h) Die groot krisis bly: waar is die leserstal?
- (i) Hoekom is Kerkrade nie werklik betrokke nie?
- (j) Is Kerklike Tydskrifte vir die kerke ’n roeping?
- (k) Die volgende opsies is deeglik deur die Deputate nagevors en verdiskonteer in ons aanbeveling*:

Opsie 1	Handhaaf status quo
Opsie 2	Betree kommersiële mark
Opsie 3	Voeg tydskrifte saam
Opsie 4	Vind alternatiewe ondersteunende befondsing
Opsie 5	Subsidieer tydskrifte en versprei anders
Opsie 6	Nuwe revolusionêre wyse van bemarking, verspreiding en samestelling
Opsie 7	Meer doelgerigte gebruik van tegnologie.

*Die volledige Bylae sal op die Sinode beskikbaar wees.

Besluit: Punte 4.1.1 tot 4.1.1.2.3 kennis geneem.

4.1.2 Sake waaroor die Sinode besluit

- 4.1.2.1 Nadat die Deputate Kerklike Tydskrifte verskillende opsies se voor- en nadele teen mekaar opgeweeg en deeglik ondersoek het lê ons die volgende opsie aan u voor: Die *status quo* word gehandhaaf met ons Kerklike Tydskrifte (Opsie 1), maar die Sinode bied hulp met doelgerigte bemarking en die gebruik van tegnologie (Opsie 7). Aan die benoemde Deputate word dan ook opdrag gegee om moderne tegnologie doelgerig te implementeer waar nodig en moontlik.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 Opdrag 1.2

“Dit word aan die te benoemde Deputate Kerklike Tydskrifte opgedra om so gou moontlik ’n Redakteur vir *Die Kerkblad* aan te wys ooreenkomstig met bestaande Sinodebesluite” (Acta 2009:775, 5.2)

4.2.1 Sake waarvan die Sinode kennis neem

Die Deputate het verskeie emeriti genader wat nie beskikbaar was om aangestel te word as Redakteur nie. Dr CN van der Merwe is as Waarnemende Redakteur aangestel.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.2 Sake waaroor die Sinode besluit

Die aanstelling van dr CN van der Merwe as Waarnemende Redakteur word goedgekeur. Die Sinode oorweeg om hom aan te stel as Redakteur van *Die Kerkblad* vir die volgende drie jaar. Hy is beskikbaar vir hierdie aanstelling.

Besluit: Goedgekeur.

4.3 Opdrag 1.3

“Sedert 1973 word die 3 Kerklike Tydskrifte deur Pioniersdrukkers op band gelees en feitlik gratis aan gesiggestremdes beskikbaar gestel. ...dat die Deputate Kerklike Tydskrifte hierdie diens aktief in gemeentes bekend stel” (Acta 2009:775, 5.8).

4.3.1 Sake waarvan die Sinode kennis neem

Die Deputate het hierdie diens aan die gemeentes bekend gestel en ook K Steyn as kontakpersoon benoem vir enige navrae en hulp wat benodig mag word.

Besluit: Kennis geneem.

4.4 Opdrag 1.4

“Die Deputate Kerklike Tydskrifte stel ondersoek in na die moontlikheid om die Kerklike Tydskrifte in Engels te bemark” (Acta 2009:775, 5.9)

4.4.1 Sake waarvan die Sinode kennis neem

Hierdie saak het volledig aandag geniet tydens die werkswinkel wat gehou is, asook in die groter gespreksgroep. Om die tydskrifte in Engels te bemark is tans nie ’n baie groot moontlikheid nie en baie moeilik uitvoerbaar aangesien ons met beperkte hulpbronne werk.

Besluit: Kennis geneem.

4.4.2 Sake waaroor die Sinode besluit

- 4.4.2.1 Die Sinode keur goed dat die Kerklike Tydskrifte op die huidige stadium nie in Engels bemark word nie.

- 4.4.2.2 Die Sinode keur wel goed dat Engelse artikels van tyd tot tyd in die tydskrifte geplaas word soos deur die Redaksiekommissies goedgekeur (*Kruispad* en *Die Kerkblad* het reeds by uitsondering daarvan gebruik gemaak).

Besluit: Punte 4.4.2.1 en 4.4.2.2 goedgekeur.

4.5 *Opdrag 1.5*

“Die Deputate Kerklike Tydskrifte stel ondersoek in na die ontwikkeling van Kerklike Tydskrifte onder Afrikatalige gemeenskappe” (Acta 2009:775, 5.10).

4.5.1 Sake waarvan die Sinode kennis neem

Hierdie saak het volledig aandag geniet tydens die werkswinkel wat gehou is, asook in die groter gespreksgroep en in ’n opleidingswerkswinkel wat deur die Skakeldeputate in Potchefstroom gehou is en waar ongeveer 80 afgevaardigdes uit die swart kerke teenwoordig was. Die volgende sake het duidelik na vore gekom:

- 4.5.1.1 Die swart kerke is nog nie ryp om besluite te neem oor die tydskrifte nie.
4.5.1.2 Die swart kerke neem ook nie regtig nou deel aan die skryf proses nie.
4.5.1.3 Een swart taal vir die tydskrifte is geen opsie nie.
4.5.1.4 Die swart kerke het die tydskrifte eers op die agtergrond geskuif op hulle agendas. Daar is hoër prioriteit sake wat eers aandag geniet.
4.5.1.6 Na gesprekvoering blyk dit dat dit sinvol is om ons langsaam te haas in die hantering van die tydskrifte in die tale van die swart kerke. Ons moet hulle geleentheid gee om saam te praat en saam te beplan en sinvolle insette te lewer.

Besluit: Punte 4.5.1 tot 4.5.1.6 kennis geneem.

4.5.2 Sake waaroor die Sinode besluit

- 4.5.2.1 Die Deputate versoek die Sinode om spesifiek ’n Deputaatgroep aan te wys wat self oor hierdie opdrag verder dink. Hierdie Deputaatgroep kan nou skakel met die Deputate Kerklike Tydskrifte.
4.5.2.2 Die Sinode oorweeg om ds Risimati Hobyane (Promosa) sameroeper te maak met prof RS Letsosa as adviseur van hierdie nuutaangewese Deputaatgroep.
4.5.2.3 Die opdrag van hierdie Deputaatgroep is om die ontwikkeling van Kerklike Tydskrifte onder Afrika-talige gemeenskappe te ondersoek en Sinode 2015 te adviseer oor die pad vorentoe.

Besluit: Punte 4.5.2.1 tot 4.5.2.3 goedgekeur.

5. Algemene sake waaroor die Sinode besluit

5.1 *Aanbevelings*

- 5.1.1 Die Sinode spreek haar dank uit teenoor die Redakteurs en Redaksiekommissies vir die Kerklike Tydskrifte wat gereeld en op hoë standaard uitgegee is.
5.1.2 Die Sinode benoem weer Deputate om opdragte rakende die Kerklike Tydskrifte uit te voer.
5.1.3 Dit het onder die Deputate se aandag gekom dat mev M Smit wat bemoei is met die indeksering van tydskrifte se pos by die Universiteit verval. Daar is reëlings getref tot en met Junie 2012. Die Deputate is van mening dat die indeksering van tydskrifte nie kan stop nie, aangesien dit wesenlik is vir navorsingsdoeleindes. Daar word voorgestel dat die Sinode hierdie saak ter tafel neem.
5.1.4 In samewerking met die Deputate Historiese sake wil die Deputate vra dat opdrag gegee word vir die inrig van ’n “fototeek” waarin foto’s geberg word vir navorsingsdoeleindes en rekenaargewys beskikbaar gestel word aan navorsers.
5.1.5 Die status quo word gehandhaaf nl.: 1 kollekte per jaar met die wysiging “vir Kerklike Tydskrifte” en nie net vir “*Die Kerkblad*” nie.

Besluit: Punte 5.1.1 tot 5.1.5 goedgekeur.

E. AANVULLENDE RAPPORT

F. Finansiële state

Hiermee rapporteer die Deputate oor die finansiële state van *Die Kerkblad*, *Die Vroueblad* en *Die Slingervel*. Daar is met die Deputate Jeugsorg ooreengekom dat *Kruispad* se state by

daardie Deputate se Rapport ingevoeg word, aangesien hulle beheer oor die inkomste en uitgawes gehad het.

Kommentaar op die state

1. Wat *Die Vroueblad* betref: die blad kon in die 2 boekjare 2010/11en 2011/12 intekengelde uit surplusfondse subsidieer.
2. Die Deputate het in 2009/2010 fondse by die Administratiewe Buro geleen om papier vooruit aan te koop vir 2 jaar se gebruik. Hierdeur is 'n aansienlike besparing bewerkstellig.
Dit sal weer vir die toekoms gedoen kan word met surplusfondse en is besparend omdat daar ook nie rente op die geleende geld betaal word nie.

	30-Jun-09	30-Jun-10	30-Jun-11	Totaal
<u>KERKBLAD</u>				
<u>INKOMSTE</u>	585,507	627,178	648,055	1,860,741
Advertensie Inkomste	70,650	69,687	54,220	194,556
Bydraes ontvang	132,363	144,402	154,792	431,557
Donasie ontvang	1,444	45	-	1,489
Intekengelde ontvang	381,049	413,045	439,044	1,233,138
<u>UITGAWES</u>	585,558	593,193	508,614	1,687,364
Donasie – Slingervel		25,000		25,000
Drukkoste	371,337	359,810	312,273	1,043,420
Honorarium	173,357	181,406	189,165	543,928
Internet kostes	9,710	4,733		14,443
Oninbare skuld				-
Reiskoste	9,858	699	300	10,857
Skryfbehoeftes aankope	1,981	2,938	3,330	8,249
Skrywersgelde	19,315	13,558	3,546	36,418
Toerusting aankope		5,050		5,050
Voorsiening vir oninbare skuld	-			-
Netto	(50)	33,985	139,442	173,376
Opgehoopte fonds 1 Jul	104,787	104,737	138,722	104,787
Opgehoopte fonds 30 Jun	104,737	138,722	278,164	278,164

SLINGERVEL

<u>INKOMSTE</u>	239,902	261,070	275,167	776,140
Bydraes ontvang	41	25,000	826	25,867
Intekengelde ontvang	239,861	236,070	274,341	750,272
				-
<u>UITGAWES</u>	246,646	241,646	250,705	738,997
Drukkoste	149,767	140,743	139,341	429,851
Honorarium	86,617	96,360	103,165	286,143
Internetkoste		883		883
Skrywersgelde	7,704	2,961	8,199	18,864
Reiskoste	2,558	699		3,257
Netto	(6,744)	19,424	24,462	37,143
Opgehoopte fonds 1 Jul	37,894	31,150	50,575	37,894
Opgehoopte fonds 30 Jun	31,150	50,575	75,037	75,037

VROUEBLAD

INKOMSTE	307,890	323,830	309,325	941,045
Advertensie Inkomste	1,316	(2,708)	-	(1,392)
Bladbouers	(9,027)	21,708	19,845	32,526
Bydraes ontvang	4,071	4,160	2,548	10,780
Intekengelde ontvang	273,691	277,023	262,988	813,703
Rente ontvang	37,837	23,647	23,944	85,429
UITGAWES	256,730	282,403	291,552	830,685
Administrasiekoste	5,568	5,014	5,150	15,731
Drukkoste	197,583	213,729	210,175	621,487
Grafiese dienste	23,620	28,625	46,836	99,081
Honorarium	16,509	22,452	24,248	63,209
Oninbare skuld		883		883
Reiskoste	5,615	9,973	3,666	19,253
Skrywersgelde	4,824		130	4,954
Telefoon en faks	3,011	1,727	1,348	6,086
Netto	51,160	41,427	17,773	110,360
Opgehoopte fonds 1 Jul	263,531	314,691	356,118	263,531
Opgehoopte fonds 30 Jun	314,691	356,118	373,891	373,891
Besluit: Kennis geneem.				

23.8 RAPPORT 2 DEPUTATE KERKLIKE TYDSKRIFTE – *DIE KERKBLAD* (Art 119)

- A. Ds JG Noëth lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Publikasie

- 1.1 Die Kerkblad het die afgelope drie jaar (2009-2012) gereeld as maandblad verskyn.
- 1.2 In alle uitgawes is op 'n aktuele tema gefokus, terwyl artikels van uiteenlopende aard rakende die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ook geplaas is.
- 1.3 Die Waarnemende Redakteur het gesorg vir die volgende artikels: Van die redakteur, redaksionele artikel en hoofartikel.
- 1.4 Die bladuitleg en finale afronding van elke uitgawe is deur sr Joey Fourie behartig.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.4 kennis geneem.

2. Redaksie

- 2.1 Die Redaksie is soos volg saamgestel: dr Nico van der Merwe (waarnemende redakteur), sr Joey Fourie (permanente lid), prof Callie Coetzee, ds Piet Venter en dr Francois Muller.
- 2.2 Die Redaksie het so gereeld moontlik vergader en alle stukke vir *Die Kerkblad* vooraf gekeur. Die dokumente is elektronies na die Redaksie gelede versend en hulle kommentaar is elektronies ontvang en deur sr Joey Fourie in die kopie verwerk. Elke artikel en elke brief is sorgvuldig deur al die Redaksie gelede oorweeg vir publikasie.
- 2.3 Sommige artikels en briewe is na die skrywers terugverwys vir herformulering. In enkele gevalle is 'n artikel of 'n brief ongeskik bevind vir publikasie.
- 2.4 Tussen die Redaksie gelede was daar 'n gesindheid van openheid, eerlikheid, eensgesindheid en hartlikheid en daar is vrugbaar saamgewerk.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4 kennis geneem.

3. Beleid

- 3.1 *Die Kerkblad* is 'n kerklike tydskrif wat in diens staan van die kerk en die koninkryk van God en wat veral aan lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika inligting, voorligting en geloofstoerusting verskaf. Die blad het hom binne die raamwerk van die Gereformeerde Belydenis geposisioneer en wanneer nodig standpunt ingeneem teen afwykende standpunte.
- 3.2 Die Redaksie het so veel as moontlik ruimte geskep vir debat en openhartige diskussie binne redelike perke. Die lesers is ingelig as die debat oor 'n sekere saak beëindig word.
- 3.3 Skrywers van artikels is versoek om artikels te skryf wat nie langer 1300 woorde is nie – briewe 500 woorde – hoewel uitsonderings gemaak is wanneer daar meriete daarvoor gevind is. Omdat vervolgartikels vir lesers dikwels vermoeiend is, is dit tot 'n minimum beperk en slegs gebruik wanneer dit 'n duidelike meriete gehad het.
- 3.4 Wanneer briewe ontvang is wat nie by *Die Kerkblad* tuishoort nie, is skrywers daarop gewys waarheen hulle hulle korrespondensie moet rig.
- 3.5 Die Redaksie het altyd oopgestaan vir welmenende en opbouende kritiek.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.5 kennis geneem.

4. Administrasie

- 4.1 Die administratiewe kantoor van *Die Kerkblad* vorm deel van die Administratiewe Buro in Potchefstroom en word deur sr Joey Fourie behartig.
- 4.2 Drukkery is deur V & R Drukkery in Pretoria gedoen en die Redaksie het groot waardering vir die werk wat gedoen is.

4.3 Individuele versending word vanuit Pretoria gedoen terwyl sommige gemeentes (veral in Pretoria) 'n ooreenkoms met die drukker het om hulle uitgawes direk by die drukker te gaan haal. Sommige Kerkrade verkies om die Kerklike Tydskrifte self by die Administratiewe Buro af te haal.

4.4 *Die Kerkblad* is elektronies beskikbaar op die webwerf <http://www.gksa.org.za/>

Besluit: Punte 4.1 tot 4.4 kennis geneem.

5. Sake waaroor die Sinode besluit

5.1 Aanbevelings

5.1.1 Die Sinode neem met dank kennis dat *Die Kerkblad* gereeld maandeliks verskyn het en bedank die uittredende Redaksie vir die werk wat hulle gedoen het.

5.1.2 Die Sinode spreek 'n besondere woord van dank uit teenoor sr Joey Fourie vir die groot werk wat sy altyd met presiesheid en toewyding gedoen het.

5.1.3 Die Sinode wys 'n Redakteur aan wat in samewerking met die nuwe Deputate Kerklike Tydskrifte 'n nuwe Redaksie saamstel wat tot die volgende Sinode sal funksioneer (dr CN van der Merwe is beskikbaar om aangestel te word as Redakteur en die Deputate wil dan ook so aanbeveel).

5.1.4 Die Sinode keur dit goed dat die huidige Redaksie aanbly tot en met die verskyning van die Februarie-uitgawe 2012 van *Die Kerkblad* en dat die nuwe Redaksie die uitgawes vanaf Maart 2012 versorg.

Besluit: Punte 5.1.1 tot 5.1.4 goedgekeur.

23.9 RAPPORT 3 DEPUTATE KERKLIKE TYDSKRIFTE – DIE GEREFORMEERDE VROUEBLAD (Art 120)

- A. Ds JG Noëth lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Inleidend

Die Gereformeerde Vroueblad word uitgegee onder toesig van die Deputate Kerklike Tydskrifte van die GKSA met die hulp van 'n Redaksiekommissie.

Besluit: Kennis geneem.

2. Doelstellings

- 2.1 *Die Gereformeerde Vroueblad* is Skrifgetrou.
- 2.2 *Die Gereformeerde Vroueblad* wil die geloofsgemeenskap tussen die susters van die GKSA landswyd bevorder.
- 2.3 *Die Vroueblad* bied
 - 2.3.1 Geestelike verryking en verdieping
 - 2.3.2 Vars gemeentenuus
 - 2.3.3 Vrolike vroulikheid in kleur.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3.3 kennis geneem.

3. Samestelling van redaksie 2009-2012

Die Redaksiekommissie van *Die Gereformeerde Vroueblad* bestaan uit die volgende lede: Mev Cobie Steyn (voors), Griet Swanepoel, Corli le Roux (sekr), Annatjie du Plessis, Karien Brink, prof Jacques van der Elst, ds Nico Botha. Mev Marina van Loggerenberg was Redakteur tot op 1 Mei 2009, waarna mev Cobie Steyn as Redakteur by haar oorgeneem het.

Besluit: Kennis geneem.

4. Uitvoering van opdrag

4.1 Werkswyse

- 4.1.1 Die Redaksie het 'n werkverdeling gedoen met spesifieke take vir elke lid. Die beplanning van die blad word gesamentlik gedoen deur middel van maandelikse Elektroniese Saampraat-geleenthede asook telefoonkonferensies en al die lede help met die werwing van bydraes. Die Redaksie poog om elke jaar ten minste een keer in Pretoria te vergader om mekaar ook van aangesig tot aangesig te sien. In 2009 het 1 vergadering plaasgevind, so ook in 2010.
- 4.1.2 Vergaderings van die Deputate Kerklike Tydskrifte, soos van tyd tot tyd geskeduleer, is deur mev Steyn bygewoon.

4.2 Tegniese versorging

- 4.2.1 Die voorblaai en bladuitleg word – in noue samewerking met die Redakteur – gedoen deur 'n professionele bladuitlegkunstenaar, Karien Brink. Die Redakteur – met een of twee redaksielede wat haar wanneer nodig bystaan – is verantwoordelik vir die taalversorging, proefleeswerk en persklaarmaking van die blad.
- 4.2.2 *Die Gereformeerde Vroueblad* word sedert Mei 2010 in kleur uitgegee. Ons het besluit om die voorkoms van die tydskrif so te maak dat dit die moderne vrou se oog trek, maar terselfdertyd het ons besluit: hoe mooier, hoe dieper en steeds Skrifgetrou.

4.3 Inhoud van die blad

- 4.3.1 *Die Gereformeerde Vroueblad* word maandeliks uitgegee, en is gerig op die gelowige vrou. Die Redaksie streef daarna om resente temas aan te spreek. Daar verskyn maandeliks drie IN DIEPTE-artikels wat die gekose tema vir die maand Skriftuurlik begrond, daarna volg drie LEEFDINGE-artikels wat die IN DIEPTE-artikels prakties toepas ons lewens van elke dag. Daar is ons gereelde rubrieke: Ds Sê my (word

- hanteer deur ds Nico Botha), ons brieweblad Gemeente-Mosaïek waarin ons vertel van sustersaktiwiteite, nuuswaardighede op kerklike terrein, saamtrenuus, Hartskatte en Kaleidoskoop. Mev Ansie du Plessis het aangedui dat sy teen einde Februarie 2012 wil uittree as opsteller van die gewilde KALEIDOSKOOP (agterblad). Die Redaksie moet nog besluit wat hulle in die plek van KALEIDOSKOOP gaan publiseer en of ons moet voortgaan met Kaleidoskoop en iemand anders moet kry om die leisels by mev du Plessis oor te neem. Van tyd tot tyd hanteer ons ook die bekendstelling van diensorganisasies.
- 4.3.2 Een keer per jaar, gewoonlik in Juniemaand, publiseer ons die nuus oor die Saamtrekke in 'n Saamtrekbylaag.
- 4.4 *Kommunikasie, reklame en bemarking*
- 4.4.1 Die Redaksie droom daarvan dat die Gereformeerde suster eienaarskap van die blad sal neem. Ons sien dit reeds in die ruim bydraes van bladbouersfondse, maar ons moedig susters ook aan om deel te word van die blad deur artikels en briewe te lewer en nuwe intekenare te help werf. Tydens die Saamtrekgeleenthede word daar persoonlik kontak gemaak met die koördineerder van elke streek en in 2011 het ons ook vir elke streek 'n Power Point-aanbieding aangestuur wat vertoon kon word. Ons het ook begin om spesifieke persone (iemand wat vertrou is met ons inhoud en ons strewe) aan te wys om die blad by die streke bekend te stel. In die toekoms beplan ons om 'n Redaksielid of 'n gereelde skrywer by elke streek aan te wys om die bemarking te hanteer. Ons beplan ook om Redaksieledede in hulle verskillende streke te gebruik en selfs uit te stuur om die blad aan sustersgroepe te gaan bekend stel.
- 4.4.2 In 2009/2010 het ons 'n meningspeiling laat doen deur sr Sandra du Preez en dit het vir ons goeie riglyne gebied ten opsigte van inhoud en lesersbehoefte. Sonder om Skrifgetrouheid prys te gee, het ons gehoor gegee aan die wenke en dit geïmplementeer.
- 4.4.3 Die Redaksie het ook toestemming gegee tot die ontwerp van 'n interaktiewe webblad waar lesers hulle mening kan lug en meer kan lees oor *Die Gereformeerde Vroueblad*. Die webblad sal dan 'n skakel hê vanaf die amptelike webblad van die GKSA. Ons vertrou met hierdie besluit dat ons ook meer jong lesers sal lok, aangesien die meningspeiling aangetoon het dat die gemiddelde lesers tans 40 jaar en ouer is.
- 4.4.4 Dit het ook in die meningspeiling geblyk dat susters steeds verkies dat *Die Gereformeerde Vroueblad* as 'n blad op haar eie sal bly voortbestaan en versoek die Sinode om kennis te neem van hierdie behoefte. Die blad bestaan al vir 62 jaar.
- 4.4.5 Die Redaksiekommissie is innig dankbaar vir die positiewe kommentaar wat ons van die blad ontvang, asook vir die aanmoediging en onderskraging wat ons kry van ons lesers, predikante en die Deputate van Kerklike tydskrifte. Die blad se Bladbouerfonds word goed ondersteun deur donasies van lesers en sustersgroepe. Dit staan onder die beheer van die Redaksie en stel ons in staat om die tydskrif se standaard te handhaaf en uit te bou.
- 4.5 *Saamtrekke*
- 4.5.1 Die Redaksiekommissie tree sedert 1993 op as fasiliteerder van die jaarlikse Sustersaamtrekke en tans is dr Wymie du Plessis die koördineerder van die saamtrekke. Die 18 Sustersaamtrekke word jaarliks deur ongeveer 4 000 susters bygewoon.
- 4.5.2 Die Redaksie het ook in Mei 2010, in samewerking met die Gereformeerde Kerk Bloempark, 'n Sustersberaad gehou waartydens ons bewus geraak het van die nood binne en buite die kerk en daar besin is oor diensbaarheidsprojekte (soos die opheffing van mense, die versorging van armes, asook die geleentheid wat hierdie barmhartighedsaksies bied om die Evangelie te verkondig). Susters dwarsoor die land is uitgenooi. Die nuwe gedaante van *Die Gereformeerde Vroueblad* is ook tydens hierdie geleentheid bekend gestel. Beraadgangere het die behoefte uitgespreek dat daar weer sodanige beraad gehou sal word.

4.6 *Verspreiding*

Om koste te bespaar word die kerklike tydskrifte, waar moontlik, gesamentlik versend. Groepintekening word ook aangemoedig omdat dit die blad vir die leser goedkoper maak. Ons moedig lesers ook aan om elektronies in te teken.

Besluit: Punte 4.1 tot 4.6 kennis geneem.

5. **Dankbetuigings**

Die Redaksie van *Die Gereformeerde Vroueblad* spreek hulle hartlike dank uit aan die Deputate Kerklike Tydskrifte wat ons ondersteun en van raad bedien. Dit is ons gebed dat *Die Gereformeerde Vroueblad* altyd Skrifgetrou sal bly en so ons lesers geestelik sal verryk en versterk en dat die tydskrif altyd tot eer van die Here sal wees.

Besluit: Kennis geneem.

23.10 RAPPORT 4 DEPUTATE KERKLIKE TYDSKRIFTE – *SLINGERVEL* (Art 121)

- A. Ds JG Noëth lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Die Redaksionele Beleid 2009–2012

1.1 *Inleidend*

Die *Slingervel* word uitgegee onder toesig van die Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) met die hulp van 'n Redaksiekommissie. Die *Slingervel* is 'n kerklike publikasie vir die kleuter-, puberteit- en adolessente jeug. Die *Slingervel* is nie 'n amptelike mondstuk van die GKSA nie, maar die GKSA is wel die eienaars en uitgewers van die *Slingervel*.

1.2 *Doelstellings*

- 1.2.1 Om die lesers, elkeen in sy eie wordingsfase, te begelei in die Skrifwaarhede wat vir hulle in die tyd waarin hulle leef van toepassing is.
- 1.2.2 Om 1.2.1 te verwerklik by wyse van Skrifoordenkinge, artikels en rubrieke waarin die problematiek van die kerkjeug telkens direk of indirek aan die orde kom.
- 1.2.3 Om ook ontspanningsmateriaal te bied by wyse van blokkiesraaisels in verskillende vorme, vasvra-rubrieke, teken en inkleur.
- 1.2.4 Om vir die kleuters en vroeë laerskolers 'n storie te publiseer.
- 1.2.5 Om by wyse van 'n penmaat, e-maat en SMS-maatrubriek, 'n briewebus en 'n verjaardaghoekie die lesers se persoonlike deelname te prikkel en aan te moedig.
- 1.2.6 Om ook te sorg vir 'n pret- en humoristiese bladsy op 'n gesonde en gebalanseerde wyse.
- 1.2.7 Om voorsiening te maak vir maats se eie werk.
- 1.2.8 Om met moderne joernalistieke aanpak die *Slingervel* se uitleg en aanbieding in te klee op 'n wyse wat vir die teikengroep prikkelend en aantreklik is.
- 1.2.9 Om op 'n gereelde basis die *Slingervel* na inhoud en opset te evalueer in die lig van die heersende lewensmilieu van die kerkjeug.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.9 kennis geneem.

2. Die Redaksie 2009–2012

Die *Slingervel*redaksie bestaan uit die volgende lede: Dr Nico van der Merwe (Redakteur), Joey Fourie (Tipografie en uitleg), Marina Kotze (Junior Rubrieke, Penmaat-, e-maat en SMS-maat rubrieke), Riana Jonker (Verjaardaghoekie), Susan Lourens (Boekbesprekings), Rina Myburgh (Raaisels en kopkrappers), Tersia van der Merwe (Blokkiesraaisels, letter- en syferspeletjies), Attie Venter (Wetenskapartikels), Rika du Plessis-Cloete is verantwoordelik vir die Juniors se maandelikse storie en sy en Sophia van der Walt voorsien vervolghverhale vir die tieners.

Besluit: Kennis geneem.

3. Uitvoering van die opdrag

- 3.1 Die *Slingervel* het gereeld, 11 keer per jaar, verskyn en die ywer, oorspronklikheid, toewyding, entoesiasme en oorgawe van die hele Redaksie moet hier met dankbaarheid teenoor hulle vermeld word. In die besonder ons dank en waardering vir die groot en uitstaande werk wat sr Joey Fourie deeglik en stiptelik doen.
- 3.2 Jaarliks was dit baie moeilik om die *Slingervel* van Desember betyds voor die vakansie by die lesers te kry. Die afgelope 3 jaar is aan die einde van die jaar telkens 'n gesamentlike November/ Desember uitgawe saamgestel wat aan die einde van Oktober versend is. Die Redaksie hoop dat dit die probleem oplos.
- 3.3 Die Redaksie het gepoog om so getrou as moontlik die doelstellings in die redaksionele beleid te verwesenlik.

- 3.4 Besondere aandag is aan die tieners en hulle behoeftes gegee, sonder om die juniorgroepe se inhoud te verskraal, sodat die inhoud van die Slingervel die verbondsjeug van kleuter deur puberteit tot adolessensie op een of ander wyse aanspreek.
- 3.5 Die Redaksie het probeer om die balans te handhaaf tussen die godsdienstige inhoud van die blad en ook ander leesstof met 'n Christelike en speelse inhoud. Te alle tye is gepoog om die Christelike karakter van die Slingervel te eerbiedig en uit te bou.
- 3.6 Daar is ruim geleentheid gebied vir deelname deur die lesers en veral hulle doen en late asook eie werk. Die reaksie was oor die algemeen nie goed nie. Die Redaksie wys dit aan die lewensmilieu waarin die jeug opgroei. By wyse van die Internet op e-posvlak en by wyse van SMS-boodskappe kom daar tog reaksie. Dit wil voorkom asof die jeug nie meer briewe skryf soos wat dit in die verlede die geval was nie.
- 3.7 Wat die voorkoms van die Slingervel betref word tans van 8 bladsye in volkleur gebruik gemaak.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.7 kennis geneem.

23.11 RAPPORT 5 DEPUTATE KERKLIKE TYDSKRIFTE – *KRUISPAD* (Art 123)

A. **Besluit:** Staan oor as deel van die rapport van Deputate Jeugsorg. Kyk 19.15 in Handeling 2012.

B. **RAPPORT**

1. **Inleidend**

Kruispad-tydskrif word uitgegee onder die gekombineerde toesig van die Deputate Kerklike Tydskrifte en die Deputate Jeugsorg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met die hulp van 'n Redaksiekommissie. *Kruispad*-tydskrif is 'n kerklike publikasie vir tieners en jongmense tussen 16 en 26 jaar. *Kruispad*-tydskrif is nie 'n amptelike mondstuk van die GKSA nie, maar die GKSA is wel die eienaars en uitgewers van *Kruispad*-tydskrif.

2. **Publikasie**

- 2.1 *Kruispad*-tydskrif het die afgelope drie jaar (2009–2012) 13 keer verskyn.
- 2.2 *Kruispad*-tydskrif het aanvanklik tweemaandeliks verskyn, maar het middel 2009 verander na 'n kwartaallike publikasie.
- 2.3 Skrywers bestaan gewoonlik uit predikante, teologiese professore en studente, asook lidmate van die GKSA.
- 2.4 Elke uitgawe het 'n tema gehad wat behandel is in twee of drie hoofartikels.
- 2.5 Die afgelope drie jaar se uitgawes het bestaan uit 1) 'n reeks oor tydperke en figure uit die Ou Testament, 2) 'n spesiale 150-jaar feesuitgawe, 3) 'n kort reeks met die tema Geloof, Hoop, Liefde.
- 2.6 Verder verskyn daar in elke uitgawe aktuele artikels, sendingartikels, hulpartikels, rubrieke, resensies, onderhoude, kompetisies en rubrieke.
- 2.7 In die meeste uitgawes het daar ook 'n tydlyn verskyn wat deur die redakteur opgestel is.
- 2.8 Om nie-Afrikaanssprekende lesers te akkommodeer, verskyn daar gewoonlik ook ten minste een Engelse artikel in elke uitgawe.
- 2.9 Die bladuitleg en grafiese ontwerp van elke uitgawe is deur *Sunflood Studios* in Stellenbosch behartig.

3. **Beleid**

- 3.1 HOEKOM is ons hier?
Kruispad-tydskrif is 'n eietydse tydskrif met Reformatoriese inhoud, gefokus op aktuele sake, gerig op jong, groeiende gelowiges om toerusting te gee vir die maak van ingeligte keuses wat lei tot geloofsgroei.
- 3.2 HOE wil ons dit doen?
Deur 'n interaktiewe medium daar te stel wat relevante temas bespreek en jong gelowiges motiveer om die pad van die kruis van Christus te stap en volwasse in die geloof te word, sodat God die eer sal kry en die Kerk opgebou sal word.
- 3.3 Menings uitgespreek in die artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg voor van plasing, redigering, verkorting, parafrasering en uitbreiding van die bydraes.
- 3.4 Skrywers van artikels is versoek om artikels te skryf wat nie langer as 1200 woorde is nie.
- 3.5 Taalgebruik in artikels is minder formeel en Engelse frases en leenwoorde word soms gebruik om die teikenmark jongmense en tieners is.

4. **Redaksiekommissie**

Die Redaksiekommissie bestaan uit Maureen van Helden (Redakteur), asook studente en ander jongmense vanuit die GKSA. Die Redaksie ondergaan dikwels veranderings omdat die lede afstudeer of soms vind dat hulle nie meer tyd het om bydraes te lewer

nie. Vanaf uitgawe 22 dien daar ook drie swart teologiese studente op die redaksie in opdrag van Deputate Jeugsorg.

Die volgende persone het vanaf 2009–2012 op *Kruispad*-tydskrif se redaksie gedien: Adri Breed, Tim Theron, Rineé Pretorius (née Viljoen), Karel Steyn, Dirk Kruger, Juanita van der Merwe (née Swanepoel), Anneretha Combrinck, Anri Kotzee (née Opperman), Dirkie Steyn, Janien de Kock, Santie Lourens, Chantelle Tredoux, Rynhardt Pretorius, Wanja Senekal, Marlé Booysen, Wilmarie Breed, Edgar Trollip, Johannes Schickerling, Brahm Robinson, Suzanne Coetzer, Danie Strydom, Esmari van der Linde, Anel Potgieter, Mpho Mosasi, Kabelo Mohotsi, Nobington Murambadoro.

5. Administrasie


- 5.1 Die administratiewe kantoor van *Kruispad*-groep vorm deel van die jeugkantoor van Deputate Jeugsorg en word deur Lize Viljoen behartig.
- 5.2 Drukwerk van *Kruispad*-tydskrif is deur Zeroplus Drukkers in Pretoria gedoen en die Redaksie het groot waardering vir die werk wat gedoen is.
- 5.3 Individuele versending word vanuit Pretoria gedoen deur Bulkmailers. 'n Paar individue en gemeentes se tydskrifte word vanaf die *Kruispad*-kantoor versend.
- 5.4 *Kruispad*-tydskrif is elektronies beskikbaar op die webwerf www.kruispad.net. Aangesien 'n manier nog ondersoek word om op die elektroniese weergawe van *Kruispad*-tydskrif in te teken, is die nuutste twee uitgawes gewoonlik nie elektronies beskikbaar nie.

6. Finansies

Finansiële gegewens word in die state van die Administratiewe Buro weerspieël en word in Deputate Kerklike Tydskrifte se verslag uiteengesit.

7. Intekenaarsbasis

- 7.1 Maureen van Helden is in Januarie 2009 deur die Sinode aangestel as Redakteur van *Kruispad*-tydskrif. Uitgawe 12 was dus die eerste uitgawe wat verskyn het sedert hierdie amptelike aanstelling.
- 7.2 Figuur 1 stel die aantal ingetekende tydskrifte in die intekenaarsbasis vir uitgawes 11–21 ten toon. Die volgende kan in die figuur uitgewys word:
 - 7.2.1 Data word weergegee vanaf uitgawe 11–21. Uitgawe 11 het verskyn in Januarie 2009 en uitgawe 21 was die nuutste uitgawe wat verskyn het net voor die samestelling van hierdie Rapport.
 - 7.2.2 Vir uitgawe 11 was 203 individue ingeteken op *Kruispad* en die GKSA-gemeentes het 'n totaal van 1114 kopieë ontvang waarvan 'n gedeelte gratis verskaf is om die tydskrif aanvanklik in die kerkverband bekend te stel.
 - 7.2.3 Uitgawe 12 was 'n spesiale 150-jaar feesuitgawe. 'n Eenmalige toename kan gesien word met hierdie uitgawe.



Figuur 1 Aantal ingetekende tydskrifte in die intekenaarsbasis vir uitgawes 11-21.

- 7.2.4 Met uitgawe 14 is daar besluit om nie meer gratis eksemplare aan gemeentes te verskaf nie. 'n Duidelike afname van ongeveer 350 eksemplare kan op die grafiek gesien word. Die getal individue wat op *Kruispad*-tydskrif ingeteken was, het in hierdie tydperk dieselfde gebly.
- 7.2.5 Vanaf uitgawe 14–16 het die intekenaargetalle min of meer konstant gebly.
- 7.2.6 Met uitgawe 17 was daar 'n duidelike toename onder beide die aantal eksemplare waarop gemeentes ingeteken het, asook individuele intekenaars. Dit was te danke aan 'n bemerkingsbrief wat in die gemeentes versprei is en 'n bemerkingsveldtog in ander kerkverbande.
- 7.2.7 Vanaf uitgawe 18-21 is daar 'n geleidelike afname in intekengetalle vanweë gemeentes en individue wie se intekentydperk verstryk het sonder dat dit hernu is, ten spyte van briewe, SMS'e en e-posse wat uitgestuur is. Die afname in hierdie tydperk is gemiddeld 18 tydskrifte minder per uitgawe onder individue en 41 tydskrifte minder per uitgawe onder die gemeentes. Dit gee 'n afname in die totaal van 16% oor die vier uitgawes.
- 7.2.8 Ten spyte van hierdie afname was die individuele intekeninge vanaf uitgawe 11-21 redelik konstant met 'n gemiddelde intekengetal van 203 +/- 30.
- 7.2.9 Die gemiddelde intekenpersentasie van individue is ongeveer 20% van die totale intekeningsbasis.
- 7.2.10 Vir uitgawe 21 was daar 172 individue ingeteken en 714 tydskrifte gaan na gemeentes toe. Dit gee 'n totale intekengetal van 886.

8. Uitvoering van die opdrag

- 8.1 *Kruispad*-tydskrif het sedert 2009 ten minste 4 maal per jaar verskyn. Die redaksie word hartlik bedank vir hulle toewyding, oorspronklikheid en entoesiasme.
- 8.2 *Kruispad*-tydskrif is tans 'n 40 bladsye, volkleur, glanstydskrif.
- 8.3 *Kruispad*-tydskrif se grafika is uniek in die sin dat die lesers reeds deur die grafika 'n idee kan kry van die artikels se inhoud.
- 8.4 Daar is gepoog om 'n balans tussen godsdienstige inhoud en ander leesstof met 'n Christelike, dog ligter aard, te handhaaf.
- 8.5 Geleentheid is aan lesers gebied om bydraes te lewer in die vorm van getuienisse, kreatiewe bydraes en artikels.
- 8.6 Ons het gereeld artikels en foto's ontvang van studente wat kampe regoor die land bygewoon het.
- 8.7 Lesers is gereeld deur middel van *facebook* gekontak en aangemoedig om bydraes en idees aan te stuur.

9. Prestasie en Uitdagings

- 9.1 *Kruispad*-tydskrif is in 2006/7 gestig en kan dus in die konteks van die GKSA gesien word as 'n baie jong tydskrif.
- 9.2 Waar die GKSA geen tydskrif vir die jeug gehad het nie, is daar tans byna 900 intekeninge waardeur die jeug in Suid-Afrika (en ook in Namibië en Zambië) geestelik bedien word.
- 9.3 In hierdie kort tydperk het *Kruispad*-tydskrif gegroei tot 'n 40 bladsye volkleur tydskrif.
- 9.4 *Kruispad*-tydskrif het saam met die ander Kerklike Tydskrifte ons voorgeneem om die Nie-Afrikaanssprekende Gereformeerde lidmate te akkommodeer en het sedert Mei 2011 drie swart Teologiese studente op die redaksie wat o.a. skryf oor sendingwerk en aktuele sake. Dit is gedoen as deel van die uitvoering van die Sinode 2009 se opdrag aangaande multi-kulturele bediening aan die Deputate Jeugsorg en die Deputate Kerklike Tydskrifte.
- 9.5 Tydens die 150-jaar fees in Potchefstroom het *Kruispad*-groep die jeugfees-gedeelte en die gepaardgaande aksies op die Joolplaas bestuur.
- 9.6 *Kruispad*-tydskrif is bemark op Eerstejaarskampe en skoolverlaterskampe en sal steeds aanhou hiermee.
- 9.7 Inhoudelike hoogtepunte die afgelope drie jaar was o.a. 'n Bybelse tydlyn wat deur gemeentes gebruik word.
- 9.8 Verdere hoogtepunte sluit 'n Calvyn en Totius-reeks in.
- 9.9 Oor die algemeen ontvang *Kruispad*-tydskrif positiewe en opbouende terugvoer oor die inhoud en kwaliteit van die artikels.
- 9.10 Tydens 2011 is die kontrak met *Sunflood Studios* heronderhandel en is tot 'n vergelyk gekom om die kostes te halveer sonder dat die kwaliteit van die grafika daaronder ly.
- 9.11 Tydens 2011 is daar met *Zeroplus Drukkers* onderhandel om die papierkwaliteit van *Kruispad*-tydskrif te verander, sodat koste op hierdie wyse bespaar kan word.
- 9.12 Uit die lys van 275 gemeentes op die *Kruispad*-kantoor se databasis is slegs 48 (17%) gemeentes tans ingeteken op die tydskrif.
- 9.13 Een van die groot uitdagings bly bemarking en kommunikasie. Alhoewel daar gereeld e-posse uitgestuur word aan gemeentes sukkel ons om terugvoer te ontvang.
- 9.14 In 2010 was *Kruispad* se jeugkantoor vir 6 maande lank nie beman nie wat 'n negatiewe uitwerking op die intekengetal gehad het.
- 9.15 Finansies is 'n groot uitdaging. Op hierdie stadium dek die intekengelde slegs 40% van die totale uitgawes.
- 9.16 *Hartklop* is 'n inisiatief van die *Kruispad*-groep waarby *Kruispad*-tydskrif onder meer beskikbaar sal wees en bemark sal word. *Hartklop* KKNK is in die pyplyn vir 2012 en dit bied 'n verdere bemarkingsgeleentheid.
- 9.17 Die feit dat *Kruispad*-tydskrif op twee stoele sit (Deputate Jeugsorg en Deputate Kerklike Tydskrifte) maak die funksionering en verslaggewing moeilik.

10. Sake waaroor die Sinode besluit

- 10.1 *Aanbevelings*
 - 10.1.1 Alhoewel die finansiële syfers van *Kruispad* negatief is is die Deputate Jeugsorg en Deputate Kerklike Tydskrifte positief oor die voortbestaan van *Kruispad*-tydskrif.
 - 10.1.2 Dit het die ander Kerklike Tydskrifte jare geneem om selfstandig te raak en *Kruispad*-tydskrif vra vir hierdie selfde genade.
 - 10.1.3 Die elektroniese verskyning van *Kruispad*-tydskrif moet verder ondersoek en geïmplementeer word.
 - 10.1.4 *Kruispad*-tydskrif moet saam met die *Kruispad*-webblad en toerustingmateriaal onder *Kruispad*-publikasies val.
 - 10.1.5 Indringende marknavorsing moet gedoen word om te bepaal
 - 10.1.5.1 Of die teikenmark bereik word
 - 10.1.5.2 Wat die intekenare wil hê
 - 10.1.5.3 Waarom mense nie wil inteken op *Kruispad*-tydskrif nie.

- 10.1.6 Daar moet gekyk word na die samesmelting van *Kruispad*-tydskrif en die *Slingervel* in 'n besigheidsplan, maar nie noodwendig in dieselfde medium nie.
- 10.1.7 Paul en Stefan Grobler van *Ministry Support* is gevra om aan 'n voorstel werk om *Kruispad*-tydskrif te help om op 'n ander manier as deur intekenare 'n inkomste te genereer. 'n Voorlegging deur hulle word aangeheg by hierdie Rapport (Bylae A).

Besluit: Staan oor as deel van die rapport van Deputate Jeugsorg. Kyk 19.15 in Handeling 2012.

23.12 AANVULLENDE RAPPORT DEPUTATE PUBLIKASIES – CJBF – FINANSIES (Artt 124, 269)

- A. Ds JG Noëth lewer die rapport.
 B. **Besluit:** Die rapport word verwys na Kommissie vir Finansies.
 C. Oudl HAJ Oosthuizen rapporteer namens Kommissie vir Finansies.

D. RAPPORT

Fondse

Aan die hand van state wat op 31 Oktober 2011 deur die Administratiewe Buro beskikbaar gestel is, word soos volg oor die finansies van die CJBF, Evangeliseringsmedia en Totiusfonds gerapporteer:

	30-Jun-09	30-Jun-10	30-Jun-11	Totaal
<u>CALVYN-JUBILEUMBOEKFONDS</u>				
INKOMSTE	15,387	9,553	47,607	72,547
Boeke Verkope: Wins	(26,929)	(13,525)	(2,186)	(42,640)
Bydraes ontvang	1,349	1,885	982	4,216
Donasies ontvang			30,000	30,000
Rente ontvang	40,967	21,193	18,812	80,971
UITGAWES	35,107	22,597	58,848	116,552
Administrasiekoste	6,731	4,493	5,448	16,672
Advertensiekoste		4,460		4,460
Honorarium			20,701	20,701
Reiskoste	28,376	13,644	32,699	74,719
Netto	(19,720)	(13,044)	(11,240)	(44,005)
Opgehoopte fonds 1 Jul	324,971	305,251	292,207	324,971
Opgehoopte fonds 30 Jun	305,251	292,207	280,966	280,966
<u>EVANGELISERINGSMEDIA</u>				
INKOMSTE	43,139	25,692	24,093	92,924
Boeke verkope	552	1,150	1,091	2,793
Bydraes ontvang	1,121	1,080	-	2,201
Rente ontvang	41,467	23,462	23,003	87,931
UITGAWES	36,102	4,974	5,032	46,108
Administrasiekoste	6,102	4,974	5,032	16,108
Drukkoste	30,000		-	30,000
Netto	7,038	20,717	19,061	46,816
Opgehoopte fonds 1 Jul	313,322	320,360	341,077	313,322
Opgehoopte fonds 30 Jun	320,360	341,077	360,138	360,138

TOTIUSFONDS

INKOMSTE	159,178	167,308	150,710	477,196
Boeke Verkope: Wins	(110,050)	16,766	6,080	(87,203)
Rente ontvang	269,228	150,542	144,629	564,399
UITGAWES	48,959	118,330	64,813	232,102
Administrasiekoste	42,055	31,918	32,260	106,233
Drukkoste		86,413	32,553	118,965
Reiskoste	6,904			6,904
Netto	110,218	48,978	85,897	245,093
Opgehoopte fonds 1 Jul	2,002,024	2,112,243	2,161,221	2,002,024
Opgehoopte fonds 30 Jun	2,112,243	2,161,221	2,247,118	2,247,118

E. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Boekevoorraad moet in die aantekeninge tot die finansiële state gekategoriseer word onder hoofde van Administratiewe Buro, CJBF, Evangeliseringsmedia en Totiusfondse. 'n Ouderdomsanalise van 180, 365, 548 en >720 dae moet per kategorie ingesluit wees.

Besluit: Goedgekeur.

2. Vir volledigheidshalwe word versoek dat Deputate Publikasies – CJBF (Calvyn-Jubileumboekfonds, Evangeliseringmedia en Totiusfonds), se finansiële state in dieselfde formaat as die van die Dankbaarheidsfonds, voorberei en aangebied word (as 'n spesifieke fonds).

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

23.13 AANVULLENDE RAPPORT DEPUTATE PUBLIKASIES – CJBF – ALGEMENE SAKE (Art 125)

- A. Die voorsitter, ds SD Snyman stel die rapport aan die orde.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Webwerf

Daar is met die skryf van die Aanvullende Rapport (Oktober 2011) alreeds 26 vorige CJBF-publikasies op die webwerf beskikbaar gestel, met dank aan br Willem Swanepoel (GK Wilropark) vir sy hulp in die verband.

Besluit: Kennis geneem.

2. Embleem

Met die goedgekeurde professionele hulp van Johan Schutte (*Graphikos*, NWU) beskik die Deputate oor 'n offisiële digitale weergawe van die CJBF-embleem, ten nouste in aansluiting by die oorspronklike historiese embleem, soos gebruik met die eerste publikasie in 1911.

Besluit: Kennis geneem.

3. Te benoeme Deputate

Aanbeveling: Oorweging word geskenk om dr AH Bogaards en br W Swanepoel (GK Wilropark) vanweë hulle kundigheid as Deputate te benoem.

Besluit: Verwys na Kommissie benoeming van Deputate.

4. Aanbevelings

Die Sinode wys Deputate aan met die volgende opdragte:

- 4.1 Voer alle opdragte ooreenkomstig die CJBF se reglement uit.
- 4.2 Voer alle opdragte ooreenkomstig die Totius-reglement uit.
- 4.3 Voer alle opdragte ooreenkomstig die Evangeliseringsmedia se reglement uit.
- 4.4 Voer alle opdragte uit ooreenkomstig die aanbevelings soos goedgekeur deur die Sinode ten opsigte van die Rapport sowel as die Aanvullende Rapport van die Deputate Publikasies: CJBF, Kerkorde en Evangeliseringsmedia.

Besluit: Punte 4.1 tot 4.4 goedgekeur.

23.14 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE VRYSTAAT EN KWAZULU-NATAL – ALMANAK (Art 126)

- A. Oudl J Brouwer stel die beskrywingspunt.
- B. Die beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. **BESKRYWINGSPUNT**

1. **Agtergrond**

- 1.1 Die publiserings van die *Almanak* elke jaar word met groot afwagting en vreugde ontvang, en dien tot versterking vir baie lidmate.
- 1.2 Die Dagstukkies dien as inspirasie vir lidmate en verleen insig aan daaglikse probleme en vraagstukke.
- 1.3 Die leemte wat nou ontstaan het is dat broeders en susters in die geloof as gevolg van taalvaardighede hierdie seëning ontnem word.
- 1.4 Eenheid impliseer dat ons konsekwent sal optree deur volle toegang tot alle dienste vir alle sektore in ons kerke sal verskaf.

2. **Die behoefte**

- 2.1 Die versterking van die onderlinge gemeenskap met alle Gereformeerde Kerke om die eenheid te bevestig.
- 2.2 Daar is 'n duidelike en groot behoefte by anderstaliges om ook so 'n bundel tot hulle beskikking te kan hê.
- 2.3 Om meertalige predikante die geleentheid te bied om hulle bydraes te maak, om sodoende ook 'n beter perspektief van hulle siening oor sake te verkry, wat alles tot die opbou en beter verstaan van ons kerke sal bydra.

3. **Die Oplossing – Aanbevelings**

- 3.1 Die Deputate vir Publikasies gaan daartoe oor om die *Almanak* nie alleen in Afrikaans te publiseer nie, maar ook in ander tale.
- 3.2 Die Afrikaanse of selfs enige ander taal uitgawe kan elektronies aan kerke beskikbaar gestel word, wat dit dan self kan versprei.

Besluit: Aan die beskrywingspunt word gevolg gegee. Verwys na Deputate vir die uitgee van die Almanak om te ondersoek en indien uitvoerbaar, uit te gee in watter taal ook al.

23.15 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE VRYSTAAT EN KWAZULU-NATAL – DAGSTUKKIES IN DIE *ALMANAK* (Art 127)

- A. Ds DG Zwemstra stel die beskrywingspunt.
- B. Die beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. **BESKRYWINGSPUNT**

Die Dagstukkies in die *Almanak* van die Gereformeerde Kerke word met groot vrug gebruik deur baie lidmate. Die ondervinding is dat dit nie net deur Gereformeerde Kerk lidmate gebruik word nie, maar in baie dorpe koop mense van ander kerke ook graag die *Almanak* ter wille van die Dagstukkies. In sekere dorpe kry baie lidmate van ander kerke jaarliks 'n *Almanak*, en vra ook gereeld daarvoor. In die lig daarvan dan die volgende:

Die Sinode moet dit ondersoek of die Dagstukkies nie **ook** alleen gebind kan word en in boekvorm verkoop word by boekwinkels nie. Dit is bo en behalwe die *Almanak* wat net so bly soos ons hom ken. Dit kan net 'n positiewe invloed hê om op hierdie wyse iets van die Gereformeerde Kerk op ons winkelrakke te kry. Die boekies met Dagstukkies kan selfs in ander tale, ook swart tale vertaal word om meer mense te bereik.

Besluit: Aan die beskrywingspunt word gevolg gegee. Verwys na Deputate vir die uitgee van die Almanak om te ondersoek en indien uitvoerbaar, te publiseer.